

ZURICH

# Beheerliggaam

POLIS BEWOORDING

**Beskerm wêrelde nie net assets nie**

# Inhoudsopgawe

**Bladsy**

## ALGEMENE SEKSIES


| | |
|---|---|
| a. Algemene uitsonderings | 5 |
| b. Algemene voorwaardes | 8 |
| c. Algemene bepalings | 11 |
| d. Omskrywings | 12 |




## SPESIFIEKE SEKSIES


| | | |
|---|---|---|
| Afdeling 1: | Geboue | 15 |
| Afdeling 2: | Hooftoevoerverbindings | 29 |
| Afdeling 3: | Huurgeld | 31 |
| Afdeling 4: | Toevallige skade | 33 |
| Afdeling 5: | Kantoorinhoud | 37 |
| Afdeling 6: | Aanspreeklikheid | 39 |
| Afdeling 7: | Trusteeskadeloosstelling | 43 |
| Afdeling 8: | Werkgewersaanspreeklikheid | 47 |
| Afdeling 9: | Sake Alle Risiko's | 51 |
| Afdeling 10: | Geld | 53 |
| Afdeling 11: | Getrouheid | 57 |
| Afdeling 12: | Masjinerie onklaarraking | 61 |
| Afdeling 13: | Glas | 65 |

# Algemene
## uitsonderings, voorwaardes en bepalings

Onderworpe aan die bepalings, uitsonderings en voorwaardes (opskortend of andersins) en as teenprestasie daarvoor en op voorwaarde dat die premie vooraf deur of namens die versekerde betaal en deur of namens die maatskappy ontvang word, kom die maatskappy vermeld in die bylae ooreen om die versekerde tot hoogstens die versekerde bedrae, skadeloosstellings- en vergoedingsperke, en ander gespesifiseerde bedrae skadeloos te stel of te vergoed deur betaling of, volgens die maatskappy se keuse, deur vervanging, herstelling of herstel ten opsigte van die omskrewe gebeurtenisse wat gedurende die versekeringstydperk voorkom en soos andersins binne die afdelings hierin bepaal.



Indien meer as een versekeringsmaatskappy of versekeraar aan hierdie versekering deelneem, word die woord "versekeraar" na "versekeraars" verander waar dit ook al in hierdie polis verskyn. In hierdie geval is die persentasie aandeel van elke versekeraar soos in die bylae van hierdie polis vermeld en is die afsonderlike aanspreeklikheid van elke sodanige versekeraar beperk tot die persentasie aandeel wat teenoor sy naam aangedui is.

Spesifieke uitsluitings, voorwaardes en bepalings stel algemene uitsluitings, voorwaardes en bepalings tersyde.

### ALGEMENE UITSONDERINGS

**1. Oorlog, opstand en terrorisme**

(a) Hierdie polis dek nie verlies van of skade aan eiendom wat betrekking het op of veroorsaak is deur die volgende nie:
- (i) burgerlike beroering, arbeidsonrus, oproer, staking, uitsluiting of openbare onrus of enige daad of handeling wat daarop bereken of gemik is om enige van voormelde te veroorsaak;
- (ii) oorlog, inval, optrede van 'n buitelandse vyand, vyandelikhede of krygsaksies (ongeag of oorlog verklaar is of nie) of burgeroorlog;
- (iii) (A) muitery, militêre opstand, militêre mag of magstoe-eiening, krygswet of 'n staat van beleg, of enige ander gebeurtenis of oorsaak wat die afkondiging of handhawing van krygswet of 'n staat van beleg bepaal, of
  (B) opstand, rebellie of revolusie;
- (iv) enige daad (hetsy namens 'n organisasie, liggaam of persoon of groep persone) wat daarop bereken of gemik is om 'n staat of regering of enige provinsiale, plaaslike of stamowerheid met dwang of deur vrees, terreur of geweld omver te werp of te beïnvloed;
- (v) enige daad wat daarop bereken of gemik is om verlies of skade teweeg te bring ten einde 'n politieke strewe, doelwit of saak te bevorder, of maatskaplike of ekonomiese verandering teweeg te bring, of uit protes teen 'n staat of regering of enige provinsiale, plaaslike of stamowerheid, of met die doel om vrees by die publiek of enige deel van die publiek in te boesem;
- (vi) enige poging om 'n daad uit te voer met verwysing na klousule (iv) of (v) hierbo;
- (vii) die optrede van enige wettig ingestelde owerheid in die beheer, voorkoming of onderdrukking of hantering op enige ander wyse van 'n gebeurtenis waarna in klousule 1(a) (i), (ii), (iii), (iv), (v) of (vi) hierbo verwys word.

  Indien die maatskappy beweer dat verlies of skade op grond van klousule 1(a) (i), (ii), (iii), (iv), (v), (vi) of (vii) van hierdie uitsondering nie deur hierdie polis gedek word nie, rus die las op die versekerde om die teendeel te bewys.

(b) Hierdie polis dek nie verlies of skade nie wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur, voortspruit uit of die gevolg is van 'n gebeurtenis waarvoor 'n fonds gestig is ingevolge die Wet op Oorlogskadeversekering en -vergoeding, 1976 (No. 85 van 1976) of enige soortgelyke Wet wat in enige van die gebiede waarop hierdie polis van toepassing is.

(c) Nieteenstaande enige bepaling van hierdie polis, met inbegrip van 'n uitsluiting, uitsondering of uitbreiding of ander bepaling wat nie hierby ingesluit is nie en wat andersins 'n algemene uitsondering tersyde sou stel, dek hierdie polis nie verlies van of skade aan eiendom of uitgawe van enige aard wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur, voortspruit uit of verband hou met 'n terreurdaad nie, ongeag enige ander oorsaak of gebeurtenis wat gelyktydig of in enige volgorde tot die verlies, skade of uitgawe bydra.

Vir die doeleindes van hierdie Algemene uitsondering 1(c) sluit 'n terreurdaad sonder beperking die gebruik van geweld of krag of dreigement daartoe in, hetsy as 'n daad wat menselewens skade kan berokken of nie, deur enige persoon of groep persone, ongeag of hulle alleen of namens of in verband met 'n organisasie of regering of enige ander persoon of groep persone optree, gepleeg om politieke, godsdienstige, persoonlike of ideologiese redes of doeleindes, met inbegrip van enige daad wat gepleeg word met die doel om 'n regering te beïnvloed of vrees by die publiek of enige deel van die publiek in te boesem.

Indien die maatskappy beweer dat verlies of skade op grond van klousule 1(c) van hierdie uitsondering nie deur hierdie polis gedek word nie, rus die las op die versekerde om die teendeel te bewys.

## 2. Kern

Hierdie polis dek nie enige regsaanspreeklikheid, verlies, skade, koste, uitgawe, sterfte of liggaamlike besering hoegenaamd of enige gevolglike verlies wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur of waartoe bygedra word deur of wat voortspruit uit die volgende nie:

(a) ionisering, uitstraling of kontaminasie deur radio-aktiwiteit afkomstig van enige kernbrandstof of kernafval weens die verbranding of gebruik van kernbrandstof;
(b) kernmateriaal, kernsplyting of -saamsmelting, kernuitstraling;
(c) kernplofstowwe of 'n kernwapen;
(d) kernafval in enige vorm;

ongeag enige ander oorsaak of gebeurtenis wat gelyktydig of in enige ander volgorde tot die verlies bydra. Slegs vir die doeleindes van hierdie uitsondering sluit verbranding enige selfonderhoudende kernsplytingsproses in.

## 3. Rekenaarverliese

**Algemene uitsondering van toepassing op alle afdelings van hierdie polis wat skade aan eiendom of die gevolge van skade aan eiendom of enige aanspreeklikheid verseker**

Nieteenstaande enige bepaling van hierdie polis, met inbegrip van 'n uitsluiting, uitsondering of uitbreiding of ander bepaling wat nie hierby ingesluit is nie en wat andersins 'n algemene uitsondering tersyde sou stel, dek hierdie polis nie die volgende nie:

(a) verlies of vernietiging van of skade aan enige eiendom hoegenaamd ('n rekenaar ingesluit) of verlies of uitgawe hoegenaamd voortspruitend uit of as gevolg daarvan;
(b) regsaanspreeklikheid van enige aard;
(c) enige gevolglike verlies;

wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur of waartoe bygedra word deur of wat bestaan uit of voortspruit uit die onvermoë of onklaarraking van 'n rekenaar, hetsy korrek of enigsins

(i) om 'n datum as die korrekte datum of ware kalenderdatum te hanteer, of op korrekte of toepaslike wyse data of inligting te herken, manipuleer, vertolk, verwerk, stoor, ontvang of daarop te reageer, of 'n opdrag of instruksie uit te voer, met betrekking tot of in verband met enige sodanige datum, of
(ii) om enige inligting of kode vas te lê, te stoor, behou of verwerk as gevolg van die uitvoer van 'n opdrag wat in 'n rekenaar geprogrammeer is, synde 'n opdrag wat die verlies van data of die onvermoë om sodanige data korrek vas te lê, te bewaar, behou of verwerk met betrekking tot of in verband met enige sodanige datum veroorsaak, of
(iii) om enige inligting of kode vas te lê, te bewaar, behou of verwerk as gevolg van programfoute, foutiewe invoer of onopsetlike kansellasie of korrupsie van data en/of programme, of

(iv) om enige data vas te lê, te bewaar, behou of verwerk as gevolg van die uitwerking van 'n rekenaarvirus of ander korrupterende, skadelike of andersins ongemagtigde kode of opdrag met inbegrip van enige Trojaanse perd, tyd- of logikabom of -wurm of enige ander vernietigende of ontwrigtende kode, media of program of steuring.

'n Rekenaar sluit in enige rekenaar, dataverwerkingstoerusting, mikroskyfie, geïntegreerde stroombaan of soortgelyke toestel in rekenaar- of nie-rekenaartoerusting of enige rekenaarsagteware, nutsprogramme, bedryfstelsel of enige rekenaarhardeware of randapparatuur en die inligting of data wat elektronies of anders gestoor word in of op enige van bogenoemde, ongeag of dit die versekerde se eiendom is of nie.

**Spesiale uitbreiding van Algemene uitsondering 3**

Verlies of vernietiging van of skade aan die versekerde eiendom deur brand, ontploffing, weerlig, aardbewing of deur die spesiale gevare waarna hieronder verwys word of wat skadeloos gestel word deur die afdelings Glas, Werkgeweraanspreeklikheid, Aangegewe Voordele, Groep Persoonlike Ongevalle of Motor, word nie deur hierdie Algemene uitsondering uitgesluit nie. Die spesiale gevare wat nie vir die doeleindes van hierdie spesiale uitbreiding uitgesluit word nie, is skade veroorsaak deur

(a) storm, wind, water, hael of sneeu, met uitsluiting van skade aan eiendom,
  - (i) voortspruitend uit 'n proses wat die eiendom noodsaaklikerwys ondergaan wat die gebruik of aanwending van water behels;
  - (ii) veroorsaak deur 'n vloedgolf as gevolg van 'n aardbewing of vulkaanuitbarsting;
  - (iii) in die ondergrondse werksaamhede van 'n myn;
  - (iv) in die ope lug (behalwe geboue, strukture en toerusting wat ontwerp is om in die ope lug te wees of te werk);
  - (v) in enige struktuur wat nie heeltemal onder dak is nie;
  - (vi) aan keermure;

(b) lugvaartuie en ander lugtoestelle of voorwerpe wat daaruit laat val word;

(c) botsing deur diere, bome, antennes, satellietskottels of voertuie, met uitsluiting van skade aan sodanige diere, bome, antennes, satellietskottels of voertuie of eiendom in of op sodanige voertuie.

Hierdie spesiale gevare dek nie slytasie of geleidelike agteruitgang nie.
Algemene uitsluiting 3 is ook nie van toepassing nie op gevolglike verlies soos verseker deur skadeloosstelling vir Sakeonderbreking wat deur hierdie polis verskaf word, in soverre sodanige gevolglike verlies voortspruit uit skade aan versekerde eiendom deur die gevare waarna in Spesiale uitbreiding (a) hierbo verwys word.

Hierdie Spesiale uitbreiding sal nie verlies, vernietiging, skade of gevolglike verlies verseker indien dit nie in die afwesigheid van hierdie Algemene uitsondering en hierdie Spesiale uitbreiding ten opsigte van Rekenaarverliese verseker sou gewees het nie.

Hierdie Spesiale uitbreiding is nie op skadeloosstellingsperk vir Gemeenregtelike Aanspreeklikheid van toepassing nie.

## 4. Asbes

**Van toepassing op die afdeling Geboue, Gemeenregtelike Aanspreeklikheid en Werkgeweraanspreeklikheids Onderafdeling**

Nieteenstaande enige bepaling van hierdie polis, met inbegrip van 'n uitsluiting, uitsondering of uitbreiding of ander bepaling wat andersins 'n algemene uitsondering tersyde sou stel, dek hierdie polis nie regsaanspreeklikheid, verlies, skade, koste of uitgawe van enige aard of gevolglike verlies wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur, voortspruit uit, die gevolg is van of op enige wyse verband hou met, of in soverre daartoe bygedra word deur, die gevaarlike aard van asbes in enige vorm of hoeveelheid nie.

## ALGEMENE VOORWAARDES

Onderworpe aan die bepalings van artikel 55 van die Korttermynversekeringswet, No. 53 van 1998 (soos gewysig).

### 1. Wanvoorstelling, wanbeskrywing en nie-openbaarmaking

Wanvoorstelling, wanbeskrywing of nie-openbaarmaking van enige wesenlike besonderheid maak die besondere item, afdeling of onderafdeling van die polis, na gelang van die geval, wat deur sodanige wanvoorstelling, wanbeskrywing of nie-openbaarmaking geraak word ongeldig.

### 2. Ander versekering

Indien daar ten tyde van 'n gebeurtenis wat tot 'n eis ingevolge hierdie polis aanleiding gee, versekering by 'n ander versekeraar bestaan wat die versekerde teen die omskrewe gebeurtenisse dek, is die maatskappy slegs aanspreeklik om 'n eweredige deel van die bedrag betaalbaar deur of aan die versekerde ten opsigte van sodanige gebeurtenis te dek. Indien sodanige ander versekering aan 'n eweredigheidsvoorwaarde onderworpe is, is hierdie polis, indien dit nie reeds aan 'n eweredigheidsvoorwaarde onderworpe is nie, op dieselfde wyse aan eweredigheid onderworpe.

### 3.(a) Kansellasie

Hierdie polis of enige afdeling kan enige tyd deur die maatskappy gekanselleer word deur die versekerde 30 dae (of sodanige ander tydperk waarop onderling ooreengekom is) skriftelike kennis te gee, of met onmiddellike kennisgewing deur die versekerde. By kansellasie deur die versekerde is die maatskappy geregtig om die gebruiklike korttermyn- of minimum premie vir die tydperk waarvoor die polis of afdeling van krag was, te behou. By kansellasie deur die maatskappy is die versekerde geregtig om 'n eweredige deel van die premie vir die res van die versekeringstydperk vanaf die datum van kansellasie te eis, onderworpe aan Algemene voorwaarde 4.

### 3.(b) Voortsetting van dekking (waar premie per bankdebietorder of via 'n transmissierekening betaalbaar is)

Die premie is vooruit betaalbaar en, indien dit nie op die betaaldag deur die maatskappy ontvang word nie, word hierdie versekering teen middernag op die laaste dag van die voorafgaande versekeringstydperk as gekanselleer beskou, tensy die versekerde kan bewys dat versuim om te betaal 'n fout van sy bank of ander betaalagent was. Die betaaldag is die eerste dag van elke kalendermaand indien die premie maandeliks betaalbaar is, en die eerste dag van

- (a) elke derde of
- (b) elke sesde of
- (c) elke twaalfde kalendermaand na aanvang, indien die premie kwartaalliks, halfjaarliks of jaarliks betaalbaar is.

### 4. Aanpassing van premie

Indien die premie vir 'n afdeling van hierdie polis volgens geraamde syfers bereken is, moet die versekerde na die verstryking van elke versekeringstydperk aan die maatskappy sodanige besonderhede en inligting verskaf wat die maatskappy nodig kan hê vir die herberekening van die premie vir sodanige tydperk. Enige verskil word deur of aan die versekerde betaal, na gelang van die geval.

### 5. Voorkoming van verlies

Die versekerde moet alle redelike stappe doen en voorsorgmaatreëls tref om ongevalle of verliese te voorkom.

### 6. Eise

(a) Wanneer 'n gebeurtenis plaasvind wat tot 'n eis ingevolge hierdie polis aanleiding kan gee, moet die versekerde op eie koste

- (i) die maatskappy so gou as redelikerwys moontlik hiervan in kennis stel en besonderhede verskaf van enige ander versekering wat sodanige gebeurtenisse dek soos wat hierdeur verseker word;

(ii) so gou as prakties moontlik na die gebeurtenis die polisie van ’n eis in kennis stel waarby diefstal of (indien dit deur die maatskappy vereis word) verlies van eiendom betrokke is en alle praktiese stappe doen om die skuldige party op te spoor en die gesteelde of verlore eiendom terug te vind;

(iii) so gou as prakties moontlik na die gebeurtenis volledige besonderhede skriftelik aan die maatskappy verskaf;

(iv) aan die maatskappy sodanige bewyse, inligting en beëdigde verklarings gee wat die maatskappy kan verlang, en onmiddellik aan die maatskappy enige kennisgewing stuur van ’n eis of ’n mededeling, lasbrief, dagvaarding of ander geregtelike prosesstuk wat teen die versekerde uitgereik of begin is in verband met die gebeurtenis wat tot die eis aanleiding gee.

(b) Geen eis (behalwe ’n eis ingevolge die afdelings Sakeonderbreking, Getrouheid, Aangegewe Voordele of Groep Persoonlike Ongevalle of die Persoonlike Ongevalle-uitbreiding (aanranding) ingevolge die Geld-afdeling, indien van toepassing, is betaalbaar nie na die verstryking van 24 maande of sodanige langer tydperk wat die maatskappy vanaf die plaasvind van ’n gebeurtenis mag toestaan, tensy die eis die onderwerp van ’n hangende regsaksie is of ’n eis ten opsigte van die versekerde se regsaanspreeklikheid teenoor ’n derde party is.

(c) Geen eis is betaalbaar nie, tensy die versekerde betaling eis deur binne 6 maande na die skriftelike afwysing van die eis geregtelike prosesstukke aan die maatskappy te beteken en sodanige proses deurvoer tot finaliteit.

(d) Indien die eiendom (die onderwerp van die eis) of enige deel daarvan opgespoor word ná die betaling van ’n eis ingevolge hierdie polis ten opsigte van verlore of gesteelde eiendom, moet die versekerde alle hulp verleen met die identifisering en fisiese terugkryging van sodanige eiendom indien die maatskappy die versekerde vra om dit te doen, met dien verstande dat die versekerde se redelike uitgawes om sodanige hulp te verleen deur die maatskappy vergoed word. Indien die versekerde versuim om ingevolge hierdie voorwaarde hulp te verleen wanneer hy gevra word om dit te doen, word die versekerde onmiddellik aanspreeklik om alle bedrae wat ten opsigte van die eis betaal is aan die maatskappy terug te betaal.

## 7. Maatskappy se regte na ’n gebeurtenis

(a) Wanneer ’n gebeurtenis plaasvind ten opsigte waarvan ’n eis ingevolge hierdie polis ingestel word of kan word, kan die maatskappy en elke persoon wat deur die maatskappy gemagtig word, sonder om daardeur aanspreeklikheid aan te gaan en sonder benadeling van die maatskappy se reg om hom op enige voorwaardes van hierdie polis te beroep

(i) beskadigde eiendom in besit neem, binnegaan of in besit hou en op enige redelike wyse daarmee handel. Hierdie voorwaarde geld as bewys van magtiging deur die versekerde aan die maatskappy om dit te doen. Die versekerde is nie geregtig om eiendom aan die maatskappy prys te gee nie, ongeag of dit deur die maatskappy in besit geneem is; of

(ii) die verdediging of skikking van ’n eis in die versekerde se naam oorneem en voer, en in die versekerde se naam tot sy eie voordeel ’n eis om skadeloosstelling of skadevergoeding of andersins voer en volle seggenskap hê in die voer van ’n geding en in die skikking van ’n eis. Geen erkenning, verklaring, aanbod, belofte, betaling of skadeloosstelling mag sonder skriftelike toestemming van die maatskappy deur die versekerde gedoen word nie.

(b) Die versekerde moet op die maatskappy se koste alles doen en toelaat dat gedoen word wat nodig kan wees of redelikerwys deur die maatskappy vereis kan word om regte af te dwing waarop die maatskappy by skadeloosstelling van die versekerde gesubrogeer is of sou word, hetsy dit voor of na sodanige skadeloosstelling gedoen moet word;

(c) Ten opsigte van enige afdeling van hierdie polis ingevolge waarvan skadeloosstelling verskaf word vir aanspreeklikheid teenoor derde partye, kan die maatskappy by die plaasvind van ’n gebeurtenis die skadeloosstellingsperk wat ten opsigte van sodanige gebeurtenis verleen word of ’n kleiner bedrag waarvoor die eis(e) voortspruitend uit sodanige gebeurtenis

geskik kan word, aan die versekerde betaal en die maatskappy het daarna geen verdere aanspreeklikheid ten opsigte van sodanige gebeurtenis nie.

**8. Bedrog**

Indien ’n eis ingevolge hierdie polis in enige opsig bedrieglik is of indien bedrieglike metodes of middele deur die versekerde of enigiemand wat namens die versekerde optree met sy medewete of toestemming gebruik word om ’n voordeel ingevolge hierdie polis te verkry, of indien ’n gebeurtenis deur ’n opsetlike daad of met die oogluikende toelating van die versekerde veroorsaak word, word die voordeel ingevolge hierdie polis ten opsigte van enige sodanige eis verbeur.

**9. Herstelling van dekking na verlies (nie van toepassing op enige afdeling waar gemeld word dat dit nie van toepassing is nie)**

As teenprestasie daarvoor dat die versekerde bedrae, waar van toepassing, nie met die bedrag van ’n verlies verminder word nie, moet die versekerde ’n addisionele premie op die bedrag van die verlies betaal vanaf die datum waarop die verlies plaasvind of vanaf die datum van herstelling of vervanging (wat ook al die laatste is) tot die verstryking van die versekeringstydperk.

**10. Nie-nakoming van voorwaardes**

Die voorwaardes van hierdie polis en afdelings daarvan is afsonderlik van toepassing op elk van die versekerde risiko’s en nie gesamentlik op al die risiko’s nie. Enige nie-nakoming daarvan maak dus die afdeling ongeldig slegs ten opsigte van die risiko waarop die nie-nakoming van toepassing is.

**11. Geen regte aan ander persone nie**

Tensy anders bepaal, verleen niks in hierdie polis regte aan enige ander persoon behalwe die versekerde nie. ’n Uitbreiding wat skadeloosstelling aan ’n ander persoon as die versekerde verskaf, verleen nie eisregte aan sodanige persoon nie, aangesien die bedoeling is dat die versekerde namens sodanige persoon moet eis. Die kwitansie van die versekerde is in elke geval ’n volle ontslag van die maatskappy.

**12. Kollektiewe versekering**

Indien hierdie versekering ’n kollektiewe versekering is, word Algemene voorwaarde 6 (a) (iv) hierbo soos volg gewysig:

“aan die hoofversekeraar namens die versekeraars sodanige bewyse, inligting en beëdigde verklarings gee wat die versekeraars kan verlang, en onmiddellik aan die hoofversekeraar enige kennisgewing stuur van ’n eis of mededeling, lasbrief, dagvaarding of ander geregtelike prosesstuk wat teen die versekerde uitgereik of begin is in verband met die gebeurtenis wat tot die eis aanleiding gee.” en word Algemene voorwaarde 7 deur die volgende vervang:

“7. Maatskappy se regte na ’n gebeurtenis

(a) Wanneer ’n gebeurtenis plaasvind ten opsigte waarvan ’n eis ingevolge hierdie polis ingestel word of kan word, kan die hoofversekeraar en elke persoon wat deur hulle gemagtig word, sonder om daardeur aanspreeklikheid aan te gaan en sonder benadeling van die versekeraars se reg om hulle op enige voorwaardes van hierdie polis te beroep

   (i) beskadigde eiendom in besit neem, binnegaan of in besit hou en op enige redelike wyse daarmee handel. Hierdie voorwaarde geld as bewys van magtiging deur die versekerde aan die hoofversekeraar om dit namens alle versekeraars te doen. Die versekerde is nie geregtig om eiendom aan die versekeraars prys te gee nie, ongeag of dit deur die hoofversekeraar in besit geneem is of nie;

   (ii) die verdediging of skikking van ’n eis in die versekerde se naam oorneem en voer, en in die versekerde se naam tot sy eie voordeel ’n eis vir skadevergoeding of andersins voer en volle seggenskap hê in die voer van ’n geding en in die skikking van ’n eis. Geen erkenning, verklaring, aanbod, belofte, betaling of skadeloosstelling mag sonder skriftelike toestemming van die hoofversekeraar deur die versekerde gedoen word nie.

(b) Die versekerde moet op die versekeraars se onkoste al sodanige dinge doen en toelaat dat sodanige dinge gedoen word wat nodig kan wees of redelikerwys deur die versekeraars vereis kan word om regte af te dwing waarop die versekeraars by skadeloosstelling van die versekerde gesubrogeer is of sou word, hetsy sodanige dinge voor of na sodanige skadeloosstelling vereis word.

(c) Ten opsigte van enige afdeling van hierdie polis ingevolge waarvan skadeloosstelling verskaf word vir aanspreeklikheid teenoor derde partye, kan die versekeraars by die plaasvind van 'n gebeurtenis die skadeloosstellingsperk wat ten opsigte van sodanige gebeurtenis verleen word of 'n kleiner bedrag waarvoor die eis(e) voortspruitend uit sodanige gebeurtenis geskik kan word, aan die versekerde betaal en die versekeraars het daarna geen verdere aanspreeklikheid ten opsigte van sodanige gebeurtenis nie.

## ALGEMENE BEPALINGS

Onderworpe aan die bepalings van artikel 55 van die Korttermynversekeringswet, No. 53 van 1998 (soos gewysig).

### 1. Eisvoorbereidingskoste

Die versekering ingevolge elke afdeling van hierdie polis word uitgebrei om koste en uitgawes in te sluit wat redelikerwys deur die versekerde aangegaan word om besonderhede of gegewens wat die maatskappy ingevolge Algemene voorwaarde 6 vereis, te verskaf en te sertifiseer of om die bedrag van 'n eis te staaf, met dien verstande dat die aanspreeklikheid van die maatskappy ten opsigte van een eis hoogstens R10 000 is, plus 'n bedrag wat vir addisionele eisvoorbereidingskoste teenoor 'n item in die bylae van elke afdeling vermeld word.

### 2. Betalings op rekening

Ten opsigte van 'n afdeling waar bedrae wat van die maatskappy verhaalbaar is, hangende die afhandeling van 'n eis vertraag word, kan die maatskappy na goeddunke betalings op rekening aan die versekerde doen, indien vereis.

### 3. Eerste bedrag betaalbaar

Behalwe waar spesifiek in 'n afdeling daarvoor voorsiening gemaak word, word die bedrag betaalbaar ingevolge hierdie polis/afdeling vir elke verlies, skade of aanspreeklikheid verminder met die eerste bedrag betaalbaar wat in die bylae vir die toepaslike omskrewe gebeurtenis aangedui is.

### 4. Lede

Waar die woord "direkteur" ook al gebruik word, word dit geag "lid" in te sluit indien die versekerde 'n beslote korporasie is.

### 5. Aanspreeklikheid ingevolge meer as een afdeling

Die maatskappy is nie ingevolge meer as een afdeling van hierdie polis aanspreeklik ten opsigte van aanspreeklikheid, verlies of skade voortspruitend uit dieselfde gebeurtenis en ten opsigte van dieselfde aanspreeklikheid, verlies of skade nie.

### 6. Betekenis van woorde

Die bylaes en enige endossemente daarby en die polisbewoording word saamgelees en 'n woord of uitdrukking waaraan 'n spesifieke betekenis toegeken is in enige deel daarvan, het sodanige betekenis waar dit ook al voorkom.

### 7. Premiebetaling

Premie is betaalbaar voor of op die aanvangsdatum of hernuwingsdatum, na gelang van die geval. Die maatskappy is nie verplig om die premie wat na die aanvangs- of hernuwingsdatum, na gelang van die geval, aangebied word te aanvaar nie, maar kan dit doen op voorwaardes wat die maatskappy geheel na eie goeddunke kan bepaal.

**8. Gedek gehou**

Indien die maatskappy 'n risiko gedek hou, sal hy nie 'n eis afwys omdat daar nie op die premie ooreengekom is nie.

**9. Blanko versekerde bedrae in bylae**

Indien die versekerde bedrag, skadeloosstellingsperk of vergoeding in 'n bylae van hierdie polis

(a) oopgelaat word of geen geldelike bedrag daarteenoor aangedui word nie;

(b) aangedui word as nul of nie van toepassing nie of nie gedek nie, of geen skadeloosstelling verleen nie,

beteken dit die omskrewe gebeurtenis of omstandigheid wat in die bylae vermeld word, word nie deur die polis verseker nie.

**10. Sekuriteitsfirmas**

Indien 'n werknemer van 'n sekuriteitsfirma wat ingevolge 'n kontrak deur die versekerde in diens geneem is verlies of skade veroorsaak, stem die maatskappy in om, nie sy verhaalsreg teen gemelde sekuriteitsfirma uit te oefen nie, indien die versekerde ingevolge gemelde kontrak nie teen gemelde sekuriteitsfirma kan eis nie.

Die maatskappy sal nie, indien 'n geldige eis ingevolge 'n afdeling of onderafdeling van hierdie polis ingestel word, as verweer aanvoer dat die maatskappy se regte benadeel is deur die voorwaardes van 'n kontrak wat met betrekking tot die beskerming van die versekerde eiendom tussen die versekerde en 'n sekuriteitverskaffer aangegaan is nie.

**11. Deel van inligting**

Om versekeringsbedrog te bestry en risiko's te beoordeel en behoorlik te onderskryf, het die Suid-Afrikaanse Versekeringsassosiasie (SAIA) 'n gedeelde databasis vir die bewaring van versekeringsinligting geskep.

Die deel van inligting sal 'n beduidende bydrae lewer om versekeringsbedrog te beperk en risiko's regverdig te beoordeel, en daarmee die belange van alle polishouers beskerm. Hierdie bepaling stel die maatskappy in staat om die versekerde se inligting in die gedeelde databasis te stoor en enige onderskrywingsinligting teenoor wetlik erkende databasisbronne te verifieer. Die versekerde se reg op privaatheid is 'n fundamentele reg wat in die Suid-Afrikaanse grondwet vervat is. Hierdie reg kan egter in sekere omstandighede beperk word. Die omstandighede sluit gevalle in waar beide partye die inligting onthul en die partye wat daarvan kennis dra 'n wettige belang by daardie inligting het. Dit beteken die maatskappy kan ingevolge die Suid-Afrikaanse reg inligting onthul en/of ontvang indien die maatskappy beoog om dit te gebruik om bedrog te voorkom en risiko's regverdig te onderskryf.

**Die versekerde se magtiging**

Die versekerde erken dat die deel van inligting vir onderskrywings- en eisdoeleindes (kredietinligting ingesluit) tussen versekeraars in openbare belang is, omdat dit versekeraars in staat stel om op behoorlike wyse polisse te onderskryf en risiko's te beoordeel en die voorkoms van bedrieglike eise te verminder en dus premies te beperk.

Namens die versekerde en namens enige persoon wat hierin deur die versekerde verteenwoordig word, doen die versekerde hiermee afstand van enige reg op privaatheid met betrekking tot onderskrywings- en eisinligting (kredietinligting ingesluit) wat die versekerde verskaf of wat deur 'n ander persoon namens die versekerde verskaf word ten opsigte van 'n versekeringspolis of eis wat deur die versekerde ingestel of ingedien is.

Die versekerde erken dat die versekeringsinligting wat deur die versekerde verskaf word, in die gedeelde databasis bewaar kan word en gebruik kan word soos hierbo uiteengesit is, asook vir enige besluit met betrekking tot die voortsetting van die versekerde se polis of voldoening van 'n eis wat die versekerde kan indien. Die versekerde stem in dat sodanige inligting aan enige ander versekeringsmaatskappy of sy agente bekend gemaak kan word. Die versekerde erken dat die inligting teenoor wetlik erkende bronne of databasisse geverifieer kan word.

## OMSKRYWINGS

**1. Wet**

Die Wet op Deeltitels, No. 95 van 1986, soos van tyd tot tyd gewysig of vervang.

**2. Besigheid**

Die pligte van 'n beheerliggaam ingevolge die Wet en die geregistreerde reëls waarop hulle besluit het.

**3. Beheerliggaam**

Die beheerliggaam van die gebou(e) soos beskryf in die bylae.

**4. Eienaar**

Alle geregistreerde eienaars van 'n Eenheid, met inbegrip van die gade en kinders en ander persone wat normaalweg by hom/haar inwoon.

**5. Skema**

Die Deeltitel-ontwikkelingskema.

**6. Deel**

'n Deel word as sodanig aangedui op 'n deelplan, en dra die nommer wat in die bylae vermeld word.

**7. Gemeenskaplike eiendom**

Daardie deel van die versekerde eiendom wat nie deel van 'n deel uitmaak nie en in die Deeltitelplan vermeld in die bylae beskryf word.

**8. Eenheid**

Die deel wat op die Deeltitelplan aangedui is, met inbegrip van sy onverdeelde aandeel in die gemeenskaplike eiendom wat ooreenkomstig die kwota van daardie deel aan die deel toegedeel is.

**9. Deelnemingskwota van die gemeenskaplike eiendom**

Die deelnemingskwota van 'n deel of van die eienaar van 'n deel is die persentasie wat in die Deelplan en/of Reëls van die Beheerliggaam toegewys is.

**10. Trustees**

Die verkose trustees van die Beheerliggaam.

**11. Werknemer**

Enige werknemer van die Beheerliggaam, maar bestuursagente uitgesluit.

**12. Die Versekerde**

Die versekerde sluit in alle eienaars en verbandhouers van geregistreerde verbande oor die eenhede in die skema vir hul onderskeie regte en belange.

**13. Geboue**

Word geag alle buitegeboue daarby in te sluit (gebou van steen, klip, beton of metaal op metaalraamwerk en met leiklip-, teël-, metaal-, beton- of asbesdak tensy anders in die bylae vermeld) en sport- en ontspanningstrukture, swembadmasjinerie, boorgatmotors, verhuurder se los en vaste toebehore daarin en daarop, mure (behalwe damwalle), hekke, pale, heinings en geteerde of geplaveide paaie, opritte, weë of parkeerareas.

**14. Inhoud**

Beteken alle roerende eiendom met uitsluiting van

1. Eiendom wat meer spesifiek verseker is
2. Motor voertuie, sleepwaens, karavane, self aangedrewe grassnyers, watervaartuie (anders as kano's), lugvaartuie en hulle toebehore
3. Huisdiere en enige ander diere
4. Besigheids goedere van enige beskrywing wat bedoel is vir herverkoop
5. Edelmetale en –stene en juweliersware
6. Medalje-, seel- en muntversamelings

## BEHEERLIGGAAM-AFDELING

### Verlies of skade aan die geboue soos in afdeling 1 voorsien.

1. Verlies van of skade aan die geboue soos in afdeling voorsien.
2. Toevallige skade aan openbare toevoerverbindings soos in afdeling 2 voorsien.
3. Verlies van huurgeld soos in afdeling 3 voorsien.
4. Toevallige skade soos in afdeling 4 voorsien.
5. Kantoorinhoud soos in afdeling 5 voorsien.
6. Regsaanspreeklikheid soos in afdeling 6 voorsien.
7. Trustees se skadeloosstelling soos in afdeling 7 voorsien.

8. Werkgewer se aanspreeklikheid soos in afdeling 8 voorsien.
9. Alle Risiko's soos in afdeling 9 voorsien.
10. Geld soos in afdeling 10 voorsien.
11. Getrouheidsversekering soos in afdeling 11 voorsien.
12. Onklaarraking van masjinerie soos in afdeling 12 voorsien.
13. Glas soos in afdeling 13 voorsien.

**Met dien verstande dat**

Geen bedrag ingevolge onderafdelings 1 tot 5, 9, 12 en 13 betaalbaar is nie, behalwe in die geval van werklike fisiese verlies van of skade aan die versekerde eiendom, nieteenstaande die feit dat die versekerde eiendom as vernietig beskou kan word ingevolge artikel 48 van die Wet, soos van tyd tot tyd gewysig of vervang, en die bepalings van daardie artikel geld nie met betrekking tot die toepassing of uitleg van hierdie polis nie.

# Afdeling 1

## Geboue

**Omskrewe gebeurtenisse**

Verlies van of skade aan die geboue geleë soos vermeld in die bylae, weens die volgende:



1. brand, weerlig, donderslag, onderaardse brand, ontploffing.
2. storm, wind, water, hael of sneeu, behalwe
   a) dit wat voortspruit uit 'n proses wat dit ondergaan en noodsaaklikerwys die gebruik of aanwending van water behels;
   b) slytasie of geleidelike agteruitgang,
   c) verlies of skade
      (i) aan keermure, behalwe waar 'n sertifikaat deur 'n professionele ingenieur uitgereik word wat sertifiseer dat die konstruksie van die keermure in ooreenstemming met bouwette en -regulasies is;
      (ii) veroorsaak of vererger deur
         (A) insakking of grondverskuiwing;
         (B) die versekerde se versuim om alle redelike voorsorgmaatreëls te tref vir die instandhouding en beveiliging van die versekerde eiendom en om vernietiging of skade tot die minimum te beperk.
3. aardbewing.
4. lugvaartuie en ander lugtoestelle of voorwerpe wat daaruit laat val word.
5. botsing deur diere, bome, antennes, satellietskottels of voertuie, met uitsluiting van skade aan sodanige diere, bome, antennes, satellietskottels, voertuie of eiendom in of op sodanige voertuie.
6. oopbars of oorstroming van watertenks, apparaat of pype, met inbegrip van skade aan sodanige tenks, apparaat of pype.
7. skielike en onverwagte lekkasie van olie uit 'n vaste oliegestookte verhittingstelsel wat deel van die gebou uitmaak.
8. diefstal (of enige poging daartoe) wat gepaardgaan met kragdadige en gewelddadige betreding of verlating van sodanige gebou. Indien 'n versekerde gebou of 'n deel van 'n gebou wat verseker is vir 30 agtereenvolgende dae onbewoon gelaat word, word hierdie dekking ten opsigte van sodanige onbewoonde gebou of deel van die gebou opgeskort, tensy die versekerde voor die voorkoms van verlies of skade skriftelike toestemming van die maatskappy verkry het vir die voortsetting van hierdie dekking. Gedurende die aanvanklike tydperk van 30 opeenvolgende dae van onbewoning word die versekerde 'n medeversekeraar saam met die maatskappy en dra die versekerde 'n eweredige deel van enige skade, gelykstaande aan 20 persent van die eis voor die aftrekking van enige eerste bedrag betaalbaar.
9. toevallige onklaarraking of ineenstorting van radio- of televisie-antennes, satellietskottels, lugdraadtoebehore of maste.
10. toevallige skade aan of breekskade van glas of sanitêre ware soos vaste glas in vensters, deure, boligte, dakvensters, glashuise, kweekhuise en verandas, stowe, spieëlglas, vaste wasbakke, voetstukke, opwasbakke, gemakpanne, spoelbakke (duike, afsplintering, skrape, krake of ander skending wat nie die werking van die item affekteer nie uitgesluit).
11. skade aan grensmure, tuinmure, hekke, pale, heinings en elektriese heinings weens diefstal of enige poging daartoe.
12. koste en uitgawes wat noodsaaklikerwys deur die versekerde aangegaan word ter voldoening aan enige wetsvereistes om onbeskadigde dele van 'n outomatiese sprinkelstelsel, outomatiese drenktoestel, gas- of skuiminstallasies op te gradeer of te vervang ná skade deur 'n gevaar waarteen verseker is, met dien verstande dat die totale bedrag wat verhaalbaar is nie die versekerde bedrag oorskry nie. Hierdie gevaar geld slegs indien die versekerde ten tyde van die verlies bewys kan lewer van 'n huidige ASIB-sertifikaat.

## Spesifieke voorwaarde

### Eweredigheid

Indien die versekerde eiendom by die aanvang van skade aan sodanige eiendom weens 'n gevaar waarteen dit verseker is, gesamentlik meer werd is as die bedrag waarteen dit verseker is, word die versekerde sy eie versekeraar vir die verskil geag en dra hy dienooreenkomstig 'n eweredige deel van die verlies. Elke item, indien daar meer as een is, is afsonderlik aan hierdie voorwaarde onderworpe. Hierdie voorwaarde is van toepassing op die individuele eenhede, uitgesonderd die eienaar se belang in die grond, en nie op die eiendom in die geheel nie.

### Vervanging deur soortgelyke style en materiale

Indien 'n gebou argitektoniese kenmerke en struktuurmateriaal van 'n bepaalde ornamentele, antieke of historiese aard het, of indien die materiale nie geredelik beskikbaar is nie, word die maatskappy toegelaat om die koste van die herstel, vervanging of herbouing van die gebou te bereken met verwysing na die koste van die herstel, vervanging of herbouing van 'n soortgelyke gebou met 'n moderne ontwerp en materiale en van 'n redelikerwys ekwivalente nut en kapasiteit.

### Energieprestasie en Volhoubare Geboue

Die versekering in hierdie afdeling sluit die volgende in:

1. addisionele koste aangegaan om die beskadigde eiendom te herstel tot 'n standaard bo die minimum wat deur heersende Nasionale Bouregulasies vereis word (SANS 10400 Deel XA) of ander regulasies ingevolge 'n parlementswet of verordeninge van 'n openbare owerheid, uitgevoer om die Green Star SA-sertifisering te ontvang wat deur die Suid-Afrikaanse Raad vir Groenbou uitgereik word;
2. die redelike addisionele koste wat voortspruit uit die gebruik van alternatiewe materiaal of bronne van materiaal in ooreenstemming met die beginsels van die Nasionale Bouregulasie oor Omgewings- en Volhoubaarheidstandaarde.

Altyd met dien verstande dat:

- (a) die totale bedrag verhaalbaar ingevolge hierdie klousule nie meer as 10% van die versekerde bedrag op die geaffekteerde eiendom is nie;
- (b) die maatskappy nie vir onbeskadigde dele van die versekerde eiendom verantwoordelik is nie;
- (c) die maatskappy nie aanspreeklik sal wees nie vir die bedrag van enige heffing of aanslag wat uit waardevermeerdering voortspruit en wat betaalbaar kan wees ten opsigte van die eiendom of deur die eienaar daarvan as gevolg van die werk wat deur die toepassing van hierdie klousule gefinansier word;
- (d) die maatskappy nie aanspreeklik sal wees nie vir die koste wat aangegaan word om te voldoen aan Nasionale Bouregulasies of enige ander regulasies ingevolge of geformuleer ooreenkomstig 'n parlementswet of verordeninge van 'n openbare owerheid, waarvolgens kennis aan die versekerde gegee is voordat die skade plaasgevind het;
- (e) indien die aanspreeklikheid van die maatskappy ingevolge onderafdeling 1 deur die toepassing van die eweredigheidsbeginsel verminder word, die aanspreeklikheid van die maatskappy ingevolge hierdie klousule insgelyks verminder word.

### Vloedbestandheid en Vloedbeskerming

In die geval van vloedskade aan die versekerde eiendom sluit die versekering ten opsigte van sodanige eiendom die addisionele herstelkoste in wat met die vooraf skriftelike toestemming van die maatskappy aangegaan word ten opsigte van:

1. die aanwending van materiaal wat beter waterbestand is;
2. die verskuiwing binne dieselfde gebou van vervangings van die verhuurder se los en vaste toebehore wat ingevolge hierdie polis verseker is, na 'n area wat minder aan vloedskade blootgestel is;
3. die aanwending van vloedbeskermingsprodukte en -metodes, insluitend spesialiskonsultantfooie;
4. maatreëls om te voorkom dat vloedwater uit dreine of normale waterlope en rioolstelsels ontsnap;
5. die voorkoming van oorstroming deur water van 'n aangrensende gebied,

met die doel om beskerming teen toekomstige skade te bied.

Met dien verstande dat die maatskappy se aanspreeklikheid hoogstens R50 000 is.

**Brandbluskoste**
Enige koste wat verband hou met die blus of bestryding van brand, word geag skade aan die versekerde eiendom te wees en is betaalbaar benewens enige ander betaling waarvoor die maatskappy ingevolge hierdie afdeling aanspreeklik kan wees, met dien verstande dat die versekerde regtens vir sodanige koste aanspreeklik is en die versekerde eiendom deur die brand bedreig is.

**Koste van sloping, opruiming en oprigting van skuttings**
Die versekering ingevolge hierdie afdeling sluit koste in wat noodsaaklikerwys deur die versekerde aangegaan word ten opsigte van die sloping van versekerde eiendom en/of puinverwydering en om skuttings vereis gedurende sloping, terreinopruiming en/of boubedrywighede na die voorkoms van skade aan die versekerde eiendom as gevolg van 'n gevaar waarteen verseker is te verskaf, op te rig en in stand te hou met dien verstande dat die totale verhaalbare bedrag nie die versekerde bedrag op die geaffekteerde eiendom oorskry nie.

1. die maatskappy sal nie betaal nie vir koste of uitgawes
2. aangegaan om puin te verwyder behalwe op die terrein van sodanige eiendom wat vernietig of beskadig is en die onmiddellike omgewing aangrensend aan sodanige terrein;

voortspruitend uit besoedeling of kontaminasie van eiendom wat nie deur hierdie polis/onderafdeling verseker word nie.

**Argitek- en ander professionele gelde**
Die versekering ingevolge hierdie afdeling sluit professionele gelde in (vir ramings, planne, spesifikasies, bestekopnames, tenders en toesig) wat noodsaaklikerwys aangegaan word om die versekerde eiendom te herstel of te vervang na skade weens 'n omskrewe gebeurtenis, maar in geen geval meer as 15 persent van die bedrag betaalbaar ten opsigte van sodanige skade nie en met dien verstande dat die totale verhaalbare bedrag hoogstens die versekerde bedrag van die geaffekteerde eiendom beloop. Die bedrag betaalbaar ten opsigte van sodanige gelde sluit nie koste in wat aangegaan word in verband met die voorbereiding van die versekerde se eis nie.

**Kapitaaltoevoegings**
Die versekering ingevolge hierdie afdeling dek verbouings, toevoeings en verbeterings (maar nie waardevermeerdering bo die versekerde bedrag/bedrae nie) aan die eiendom tot 'n bedrag van hoogstens 15 persent van die versekerde bedrag daarop, met dien verstande dat die versekerde onderneem om die maatskappy elke kwartaal van sodanige verbouings, toevoegings en verbeterings in kennis te stel en die toepaslike addisionele premie daarop aan die maatskappy te betaal.

**Munisipale planondersoekgelde**
Die versekering ingevolge hierdie afdeling sluit munisipale planondersoekgelde in, met dien verstande dat die totale bedrag wat ingevolge enige item verhaalbaar is, hoogstens die versekerde bedrag ten opsigte van die eiendom wat aldus geraak word beloop.

**Vereistes van openbare owerhede**
Die versekering ingevolge hierdie afdeling sluit sodanige addisionele herstel- of herbouingskoste in wat ten opsigte van die beskadigde eiendom aangegaan word, alleenlik weens die noodsaaklikheid om te voldoen aan bou- of ander regulasies wat opgestel is ingevolge enige wet van die parlement of ordonnansie van 'n provinsiale, afdelings-, munisipale of ander plaaslike owerheid, met dien verstande dat

1. die bedrag wat ingevolge hierdie klousule verhaalbaar is, nie die volgende insluit nie:
   - (a) die koste wat aangegaan word ter voldoening aan enige van die bogenoemde regulasies
     - (i) ten opsigte van skade wat voorgekom het voordat hierdie klousule toegestaan is
     - (ii) ten opsigte van skade wat nie ingevolge hierdie onderafdeling verseker word nie
     - (iii) ingevolge waarvan kennis aan die versekerde gegee is voordat die skade plaasgevind het
     - (iv) ten opsigte van onbeskadigde eiendom of onbeskadigde dele van eiendom, behalwe fondamente (tensy fondamente spesifiek uitgesluit word by hierdie versekering) van die deel wat beskadig is;

(b) die addisionele koste wat nodig sou gewees het om die eiendom te herstel tot 'n toestand gelykstaande aan sodanige eiendom se toestand toe dit nuut was, indien die noodsaaklikheid om aan enige van voormelde regulasies te voldoen nie ontstaan het nie;

(c) die bedrag van munisipale of ander belasting, ontwikkelings- of ander heffing of aanslag wat uit waardevermeerdering voortspruit en wat betaalbaar kan wees ten opsigte van die eiendom of deur die eienaar daarvan ter voldoening aan enige van voormelde regulasies;

2. die herstel- of herbouwerk met redelike spoed begin en uitgevoer moet word en ten volle of gedeeltelik op 'n ander terrein uitgevoer kan word (indien voormelde regulasies dit noodsaak), op voorwaarde dat die aanspreeklikheid van die maatskappy ingevolge hierdie klousule nie daardeur verhoog word nie;
3. indien die aanspreeklikheid van die maatskappy ingevolge enige item van hierdie polis, afgesien van hierdie klousule, deur die toepassing van enige van die bepalings, uitsonderings en voorwaardes van hierdie afdeling verminder word, die maatskappy se aanspreeklikheid ingevolge hierdie klousule ten opsigte van sodanige item in dieselfde verhouding verminder word;
4. die totale bedrag wat ingevolge enige item van hierdie onderafdeling verhaalbaar is, hoogstens die bedrag beloop wat daarvolgens verseker is.

## Herstelwaarde-voorwaardes

Ingeval die eiendom beskadig word, is die grondslag waarop die bedrag betaalbaar bereken moet word, die koste van die vervanging of herstel op dieselfde terrein met eiendom van dieselfde soort of aard maar nie beter of groter as die versekerde eiendom toe dit nuut was nie, met dien verstande dat:

1. die vervangings- of herstelwerk (wat uitgevoer kan word op 'n ander terrein en op enige manier wat vir die versekerde se vereistes geskik is, op voorwaarde dat die aanspreeklikheid van die maatskappy nie daardeur verhoog word nie) met redelike spoed begin en uitgevoer word, anders word geen betaling gedoen bó en behalwe die bedrag wat betaalbaar sou gewees het indien hierdie herstelwaarde-voorwaardes nie hierby ingelyf was nie;
2. totdat uitgawes deur die versekerde aangegaan is ter vervanging of herstel van die eiendom, die maatskappy nie aanspreeklik is vir enige betaling bó die bedrag wat betaalbaar sou gewees het indien hierdie voorwaardes nie hierby ingelyf was nie,
3. indien, op die tydstip van vervanging of herstel, die bedrag wat die koste verteenwoordig wat aangegaan sou gewees het ter vervanging of herstel as die hele versekerde eiendom beskadig was, die bedrag oorskry waarteen dit verseker is by die aanvang van enige skade aan sodanige eiendom deur 'n omskrewe gevaar, die versekerde geag word sy eie versekeraar te wees vir die verskil en hy dienooreenkomstig 'n eweredige deel van die verlies moet dra. Elke item van hierdie afdeling (indien daar meer as een is) waarop hierdie voorwaardes van toepassing is, is afsonderlik aan hierdie bepaling onderworpe;
4. hierdie voorwaardes van nul en gener waarde is, indien
   (a) die versekerde versuim om binne ses maande vanaf die datum van skade of sodanige verdere tydperk wat die maatskappy skriftelik kan toelaat, die maatskappy in kennis te stel van sy voorneme om die eiendom te vervang of te herstel;
   (b) die versekerde nie in staat is nie of onwillig is om die eiendom op dieselfde of 'n ander terrein te vervang of te herstel.

## Vloerruimte-verhouding

1. Waar 'n gebou vernietig of beskadig is en die betrokke statutêre owerheid herstelling slegs volgens 'n verminderde vloerruimte-verhoudingsindeks toelaat, sal die maatskappy aan die versekerde die verskil betaal tussen:
   (a) die werklike koste van herstelling om aan die verminderde loerruimte-verhoudingsindeks te voldoen; en
   (b) die koste van herstelling indien die verminderde vloerruimte-verhoudingsindeks nie van toepassing was nie.

   Die maatskappy kan volgens sy keuse die versekerde toelaat om grond te koop waarop die gebou vervang kan word tot die omvang van die vermindering van die vloerruimte-verhouding.
2. Die maatskappy sal slegs vir die vloerruimte-verhoudingvoordeel betaal wat hierbo beskryf is wanneer die Aanspreeklikheidsperk van toepassing op onderafdeling 1 nie andersins uitgeput is nie.

## Spesifieke uitsluitings

Benewens die algemene uitsluitings wat op alle onderafdelings van die polis van toepassing is, sal die maatskappy nie vir die volgende betaal nie:

1. gevolglike verlies van enige aard behalwe soos spesifiek in hierdie afdeling;
2. regsaanspreeklikheid van enige aard behalwe die versekerde se regsaanspreeklikheid soos beskryf in die uitbreidings Verwydering van puin en Persoonlike eiendom onder beheer van beheerliggaam;
3. skade aan:
   - (a) diere;
   - (b) skerms en blindings gemaak van tekstiel of materiaal wat meer as tien (10) jaar oud is, veroorsaak deur wind, reënwater of hael;
   - (c) gebou of ander versekerde eiendom wat ontruim is en gesloop word;
   - (d) gebou of ander versekerde eiendom wat in aanbou is of met verbouings of toevoegings waar die totale kontrakwaarde van die werk meer as R100 000 is;
   - (e) dokke, kaaie en landingsplekke wat nie deel van 'n gebou uitmaak nie;
   - (f) geld;
   - (g) paadjies, opritte en tennisbaan-oppervlakke veroorsaak deur wind, reënwater of hael;
   - (h) inhoud in die ope lug, tensy dit deel van die Gemeenskaplike eiendom is wat ontwerp is om sonder die beskerming van mure of 'n dak te funksioneer;
   - (i) swembad- en spa-oortreksels veroorsaak deur wind, reënwater of hael;
   - (j) keermure veroorsaak deur wind, reënwater of hael;
   - (k) swembaddens, spabaddens of die omgewing veroorsaak deur verskuiwing van die fondament of struktuur daarvan;
4. skade regstreeks of onregstreeks voortspruitend uit of wat op enige wyse verband hou met:
   - (a) verandering in tekstuur of afwerking;
   - (b) kruiping, deining of vibrasie;
   - (c) sloping gelas deur 'n wettige owerheid weens die versekerde of 'n agent van die versekerde se versuim om nodige toestemmings of permitte vir bouwerk of ontwikkeling te verkry;
   - (d) erosie, insakking, grondverskuiwing, modderstorting of enige ander grondbeweging of instorting, tensy die skade voortspruit uit 'n aardbewing of seismologiese versteuring, ontploffing of fisiese impak deur lugvaartuie;
   - (e) 'n fout of weglating in die ontwerp, plan of spesifikasie, of gebrekkige ontwerp;
   - (f) gebrekkige materiale of vakmanskap;
   - (g) hidrostatiese druk, veranderings in die watertafel, toevallige breekskade, afsplintering of oplig van swembaddens, spabaddens en hul omgewing, met inbegrip van teëls en plaveisel;
   - (h) verkeerde ligging van 'n gebou;
   - (i) inherente gebrek of latente defek;
   - (j) kaping, bomdreigement, bedreiging van kontaminasie, gekskeerdery, afpersing of enige poging daartoe;
   - (k) gebrek aan onderhoud van of enige ander versuim om 'n versekerde eiendom in 'n goeie toestand te hou;
   - (l) meganiese, hidrouliese, elektriese of elektroniese onklaarraking behalwe in soverre dit gedek word deur die uitbreiding Skade aan huishoudelike elektriese motors;
   - (m) skimmel, kontaminasie, siekte, nat of droë verrotting, kleurverandering, oksidasie, verdamping, lugvogtigheid of temperatuurwisselings;
   - (n) normale vassakking, syfering, krimping of uitsetting in geboue of fondamente, mure, sypaadjies, paaie en ander strukturele verbeterings;
   - (o) verwydering of verswakking van stutte of fondamente vir verbouings, toevoegings, opknappings of herstelwerk;
   - (p) wortels van bome of ander plante;
   - (q) spontane ontbranding, fermentasie of verhitting of enige proses waarby die direkte aanwending van hitte betrokke is, behalwe dat hierdie uitsluiting beperk sal word tot die item(s) wat onmiddellik geaffekteer is en nie ander versekerde eiendom sal insluit wat as gevolg van sodanige ontbranding, fermentasie of verhittingsproses beskadig is nie;
   - (r) rook of roet van nywerheidsaktiwiteite;
   - (s) die aksies van voëls, goggas, motte, termiete of ander peste of slytasie, korrosie, roes of oksidasie, verbleiking, afsplintering, skrape of skending, geleidelike agteruitgang of ontstaan van gebreke, beton- of baksteen-'kanker', normale instandhouding of herstel.

## Klousules en uitbreidings

### Eise vir beskadigde gemeenskaplike eiendom

1. Ten opsigte van 'n eis vir beskadigde gemeenskaplike eiendom sal die maatskappy volgens sy keuse die redelike koste betaal om die gemeenskaplike eiendom-item te vervang of te herstel tot 'n toestand wat wesenlik dieselfde is as toe dit nuut was, maar nie beter of groter as die item toe dit nuut was nie.
2. Die maksimum wat die maatskappy ten opsigte van 'n enkele verlies of reeks verliese voortspruitend uit een gebeurtenis sal betaal met betrekking tot
   (a) gemeenskaplike eiendom wat nie in die ope lug is nie, is die Aanspreeklikheidsperk soos vermeld in die Bylae teenoor Gemeenskaplike eiendom;
   (b) gemeenskaplike eiendom wat in die ope lug of in transito is, is R5 000.
3. Wanneer skade voorkom aan 'n gemeenskaplike eiendom-item wat
   (a) deel is van 'n stel, sal die maatskappy slegs vir die redelike koste van die herstel of vervanging van die item self betaal as 'n persentasie van die redelike koste om die hele stel te herstel of te vervang, nieteenstaande die feit dat die stel minder werd is omdat dit onvolledig is;
   (b) 'n muur-, vloer- of plafonbedekking (met inbegrip van matte, blindings en gordyne) is, sal die maatskappy slegs die koste betaal vir die herstel of vervanging van sodanige item in die vertrek, saal of gang waarin die skade voorgekom het.

### Interkomstelsels

Hierdie afdeling word uitgebrei om die diefstal van SIM-kaarte uit 'n interkomstelsel te dek, met dien verstande dat die aanspreeklikheid van die maatskappy slegs geld by ontvangs van 'n staat met besonderhede van die koste wat vir ongemagtigde telefoonnommers gehef is. Die aanspreeklikheid van die maatskappy is hoogstens R5 000 vir enige enkele gebeurtenis of R10 000 in enige jaarlikse versekeringstydperk.

### Bewaring van eenheid-eienaars se inhoud

Die koste van die verwydering, bewaring en terugbesorging van 'n eenheid-eienaar se onbeskadigde inhoud, wat noodsaaklikerwys en redelikerwys aangegaan word as gevolg van skade aan versekerde eiendom wat voorkom gedurende die versekeringstydperk, veroorsaak deur 'n gebeurtenis wat nie deur hierdie afdeling uitgesluit word nie en wat 'n eenheid onbewoonbaar maak.

Die maatskappy sal hierdie addisionele voordeel tot 'n maksimum bedrag van R20 000 betaal terwyl die betrokke eenheid nie die eenheid-eienaar se onbeskadigde inhoud kan huisves nie.

Die bedrag wat die maatskappy ten opsigte van sodanige koste sal betaal, word verminder met 'n bedrag betaalbaar ingevolge enige ander versekeringspolis waarby 'n eenheid-eienaar ten opsigte van sodanige koste baat vind.

### Skade aan huishoudelike elektriese motors

Onderworpe aan die perk vermeld in die bylae, sal die maatskappy koste betaal wat noodsaaklikerwys en redelikerwys deur die versekerde aangegaan word vir die herstel of vervanging van 'n elektriese motor in 'n elektriese masjien wat vir huishoudelike doeleindes gebruik word en deel van versekerde eiendom uitmaak, wat gedurende die versekeringstydperk as gevolg van elektriese stroom uitgebrand het.

Die maatskappy sal nie vir die volgende betaal nie:

1. motors wat deur enige vorm van waarborg gedek word;
2. motors met krag van meer as (5) kilowatt (5kW);
3. motors wat meer as tien (10) jaar oud is;
4. ander dele van 'n elektriese masjien;
5. nie-elektriese komponente soos laers, seëls en solenoïede;
6. liggloeidrade of verhittingselemente;
7. smeltdrade of beskermende toestelle;
8. elektriese kontakpunte of skakelaars waar vonking of oorvonking tydens gewone werking voorkom;

9. koste van spoeling of herlaaiing met verkoelingsmiddel; of
10. enige addisionele koste voortspruitend uit verlies van gebruik van die masjien.

Die maatskappy sal nie 'n voordeel ingevolge hierdie uitbreiding betaal indien dekking by afdeling 11 (Onklaarraking van masjinerie) van hierdie polis gekies is nie.

### Huisdiere

Die koste van die tydelike huisvesting van 'n eenheid-eienaar se huisdier wat normaalweg by die ligging gehou word, wat noodsaaklikerwys en redelikerwys aangegaan word as gevolg van skade aan versekerde eiendom wat voorkom gedurende die versekeringstydperk, veroorsaak deur 'n gebeurtenis wat nie deur hierdie afdeling uitgesluit word nie en wat die geaffekteerde eenheid onbewoonbaar maak.

Die maksimum bedrag wat die maatskappy ingevolge hierdie uitbreiding sal betaal, is R1 000 vir elke geaffekteerde eenheid tot 'n perk van R10 000 vir 'n enkele verlies of reeks verliese voortspruitend uit een gebeurtenis.

### Opsporing van bron van lekkasie

Koste noodsaaklikerwys en redelikerwys deur die versekerde aangegaan om:

1. die bron van die lekkasie, bars, afvoer of oorstroming van tenke, apparate of pype wat gebruik word om water of olie te vervoer (met inbegrip van skade aan ander eiendom wat nodig is om die herstelwerk of vervanging te doen) op te spoor en die defektiewe deel of dele van sodanige tenke, apparate of pype te herstel of te vervang, tot 'n perk van R5 000 per gebeurtenis;
2. besoedelingskade aan grond by die ligging, as 'n regstreekse gevolg van lekkasie soos beskryf in hierdie uitbreiding, op te ruim, tot 'n perk van R5 000,

met dien verstande dat die lekkasie, bars, afvoer of oorstroming gedurende die versekeringstydperk voorkom en veroorsaak word deur 'n gebeurtenis wat nie deur hierdie polis uitgesluit word nie.

### Instandhoudingsgelde

Instandhoudingsgelde en heffings wat deur 'n eenheid-eienaar aan die versekerde betaal moet word vir die tydperk waarin die eenheid onbewoonbaar geword het as gevolg van skade wat gedurende die versekeringstydperk voorgekom het en deur onderafdeling 1 gedek word.

Die maksimum bedrag wat die maatskappy ingevolge hierdie uitbreiding sal betaal, is R1 000 per eenheid tot 'n perk van R10 000 vir 'n enkele verlies of reeks verliese voortspruitend uit een gebeurtenis.

Die maatskappy behou die reg van subrogasie voor om die uitstaande instandhoudingsgelde van die betrokke eenheid-eienaar(s) te verhaal.

### Persoonlike eiendom onder beheer van beheerliggaam

Die inhoud van ander wat verloor, vernietig of beskadig word weens 'n oorsaak wat nie deur hierdie afdeling uitgesluit word terwyl dit onder die versekerde se fisiese of regsbeheer is nie.

Vir die doeleindes van hierdie addisionele voordeel beteken "ander" enige persoon wat nie ingevolge hierdie polis verseker is nie, met inbegrip van persone wat by die versekerde in diens is.

Die maksimum bedrag wat die maatskappy ingevolge hierdie uitbreiding sal betaal, is R10 000 vir 'n enkele verlies of reeks verliese voortspruitend uit een gebeurtenis.

### Herskrywing van rekords

Koste wat noodsaaklikerwys en redelikerwys deur die versekerde aangegaan word ter voorbereiding en/ of herskrywing van die rekords van die beheerliggaam wat gedurende die versekeringstydperk beskadig is weens 'n gebeurtenis wat nie deur hierdie afdeling uitgesluit word nie:

1. by die ligging;
2. terwyl dit in veilige bewaring van 'n behoorlik aangestelde beheerliggaambestuurder is; of
3. by 'n bank vir veilige bewaring.

Die maksimum bedrag wat die maatskappy ingevolge hierdie uitbreiding sal betaal, is R5 000 in enige enkele versekeringstydperk van een jaar.

### Bewaring van gemeenskaplike eiendom

Die koste van die verwydering, bewaring en terugbesorging van onbeskadigde gemeenskaplike eiendom, wat noodsaaklikerwys en redelikerwys aangegaan word as gevolg van skade aan versekerde eiendom wat voorkom gedurende die versekeringstydperk, veroorsaak deur 'n gebeurtenis wat nie deur onderafdeling 1 uitgesluit word nie en wat meebring dat die betrokke gemeenskaplike gebied nie die onbeskadigde gemeenskaplike eiendom kan huisves nie.

Die maatskappy sal ingevolge hierdie uitbreiding betaal terwyl die betrokke gemeenskaplike gebied nie die onbeskadigde gemeenskaplike eiendom kan huisves nie, met dien verstande dat die maksimum bedrag wat die maatskappy ingevolge hierdie uitbreiding sal betaal R10 000 is vir 'n enkele verlies of reeks verliese voortspruitend uit een gebeurtenis.

### Titelsertifikaat

Die maatskappy sal tot R5 000 per sertifikaat betaal, onderworpe aan 'n perk van R20 000 vir 'n enkele verlies of reeks verliese voortspruitend uit een gebeurtenis, om die titelsertifikaat-dokumente vir eenheid-eienaars te vervang indien die dokumente vernietig of beskadig word as gevolg van skade wat deur hierdie onderafdeling 1 gedek word.

### Verwydering van water uit kelder

Die maatskappy sal tot R2 000 betaal vir die nodige en onmiddellike verwydering van water uit die kelder van die gebou wat regstreeks veroorsaak is deur 'n stormgebeurtenis wat deur hierdie afdeling gedek word. Die maatskappy sal nie betaal indien die wateroorstroming veroorsaak is deur 'n gevaar wat uitgesluit word nie.

### Eenheid-eienaars se vaste toebehore

Die maatskappy sal tot R1 000 per eenheid betaal, onderworpe aan 'n perk van R10 000 vir 'n enkele verlies of reeks verliese voortspruitend uit een gebeurtenis, vir skade aan eenheid-eienaars se vaste toebehore wat permanent geheg of vas is aan die versekerde gebou, voortspruitend uit skade wat deur onderafdeling 1 gedek word, maar die maatskappy sal slegs die bedrag betaal bo die dekking wat voorsien word deur 'n eenheid-eienaar se huis- of inhoudversekeringspolis wat eenheid-eienaars se vaste toebehore dek.

### Uitbreiding: Insakking en grondverskuiwing (Indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Skade wat deur insakking of grondverskuiwing veroorsaak word, met dien verstande dat die versekerde die eerste deel van elke eis dra tot 'n bedrag bereken teen 1 persent van die versekerde bedrag op die eiendom, of R500, wat ook al die grootste is.
Hierdie uitbreiding dek nie die volgende nie:

1. Skade aan riole, waterlope, grensmure, tuinmure, keermure, hekke, pale of heinings, tensy dit spesifiek verseker is.
2. Skade wat veroorsaak word deur of wat toegeskryf kan word aan
    - (a) foutiewe ontwerp of konstruksie of die verwydering of verswakking van die stut van enige gebou wat op die versekerde perseel geleë is.
    - (b) werksmense wat besig is met enige strukturele verbouings, toevoegings of herstelwerk aan enigegebou wat op die versekerde perseel geleë is.
    - (c) uitgrawings bo- of ondergronds, behalwe uitgrawings in die loop van mynboubedrywighede.
3. Gevolglike verlies van enige aard hoegenaamd, behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek ingevolge hierdie afdeling verseker is.

Indien die versekeraar in enige geregtelike aksie, geding of ander verrigting beweer dat skade uit hoofde van die bepalings van hierdie uitsonderings nie deur hierdie versekering gedek word nie, rus die las op die versekerde om die teendeel te bewys.

### Beperkte Insakking en Grondverskuiwing.

Die maatskappy onderneem on die versekerde skadeloos te stel teen skade aan die eiendom veroorsaak deur insakking of grondverskuiwing met dien  verstande dat die versekerde die eerste gedeelte van iedere en elke eis dra tot 'n bedrag bereken teen een persent van die versekerde bedrag op die eiendom, of R5000, wat ook al die meeste is.

Hierdie uitbreiding dek nie die volgende nie

1. skade aan afvoerkanale, watergange, grensmure, keermure, tuinmure, hekpale, hekke en heinings,inritte, plaveisel van enige aard, swembaddens, tennisbane;
2. skade veroorsaak deur of toeskryfbaar aan
   a) inkrimping en/of uitsetting van grond te wyte aan die vogtigheid of waterinhoud van sodanige grond soos ondervind in klei en ander soortgelyke grond;
   b) gebrekkige ontwerp of konstruksie van of die verwydering of verswakking van die stut van enige gebou op die versekerde perseel;
   c) werkslui wat besig is met die uitvoering van enige strukturele verbouings, aanbouings of herstelwerk aan enige gebou wat op die versekerde perseel gelee is;
   d) uitgrawings bo- of ondergronds behalwe uitgrawings in die loop van mynboubedrywighede;
3. gevolglike verlies van enige aard hoegenaamd behalwe verlies van huurgeld indien spesifiek ingevolge hierdie afdeling verseker is.

Indien die maatskappy in enige regsaksie geding of ander regsverrigtinge beweer dat skade uit hoofde van die bepalings van hierdie uitsonderings nie deur hierdie versekering gedek word nie, rus die las op die versekerde om die teendeel te bewys.

### Skade aan ontwerpte tuine

Die maatskappy sal die versekerde skadeloos stel vir die vervanging van uitgelegde bome, plante of struike op die perseel na verlies of skade weens brand, brandbluspogings, ontploffing, botsing deur voertuie, lugvaartuie of ander lugtoestelle of voorwerpe wat daaruit laat val word, beperk tot R10 000 per gebeurtenis.

### Eskalasie

Gedurende elke versekeringstydperk word die versekerde bedrag ten opsigte van versekerde eiendom ingevolge hierdie onderafdeling verhoog met daardie deel van die persentasie vermeld in die bylae wat die getal dae sedert die aanvang van sodanige tydperk van die volle tydperk uitmaak. Tensy anders ooreengekom, geld hierdie bepalings slegs vir die versekerde bedrag soos van krag by die aanvang van die versekeringstydperk.

Op elke hernuwingsdatum moet die versekerde die maatskappy in kennis stel van die bedrae wat vir die komende tydperk verseker moet word en die persentasieverhoging wat vir sodanige tydperk nodig is, by gebreke waarvan die bepalings van hierdie klousule ophou om van toepassing te wees.

Die addisionele premie vir hierdie uitbreiding is 50 persent van die premie wat verkry word deur die gespesifiseerde persentasie op die jaarpremie toe te pas vir die versekerde bedrag waarop hierdie uitbreiding van toepassing is.

### Huisaanpassings

Indien die eienaar permanent ongeskik raak na ’n omskrewe gebeurtenis wat daartoe lei dat die eienaar permanent van ’n rolstoel afhanklik is, en dit aanleiding gee tot ’n eis wat deur die maatskappy erken word, sal die maatskappy ’n bedrag van hoogstens R20 000 betaal vir verbouings aan die eienaar se eiendom om die gebruik van sodanige rolstoel moontlik te maak.

### Lekkasie

Die maatskappy sal die versekerde tot ’n maksimum bedrag van R20 000 skadeloos stel vir ’n enkele verlies of reeks verliese voortspruitend uit een gebeurtenis vir skade veroorsaak deur ontlading of lekkasie uit brandblus-installasies.

### Slotte en Sleutels

Die maatskappy sal die versekerde skadeloos stel vir die koste om slotte, sleutels en toegangsmeganismes van die versekerde perseel te vervang na ’n verlies waarvoor die maatskappy ingevolge Omskrewe gebeurteniss 8 aanspreeklikheid erken het, beperk tot R10,000 vir ’n enkele verlies of reeks verliese voortspruitend uit een gebeurtenis.

## Verlies van water

Die maatskappy sal die versekerde skadeloos stel teen koste wat deur 'n plaaslike owerheid gehef word vir water wat weens lekkasie uit pype in 'n eenheid of op die gemeenskaplike eiendom verloor word, waar die versekerde verantwoordelik is om die koste vir hierdie water te betaal, met dien verstande dat

1. die verbruikslesing minstens 50% meer as die gemiddelde van die vorige vier lesings moet wees;
2. die versekerde met die ontdekking van 'n lekkasie (deur fisiese bewys of by ontvangs van 'n abnormaal hoë waterrekening) onmiddellik stappe doen om die betrokke pyp(e) te herstel.

Hierdie uitbreiding dek nie die volgende nie:

(1) die herstelkoste van lekkende pype;

(2) meer as twee afsonderlike insidente binne 'n tydperk van 12 maande;

(3) verlies van water

- (a) as gevolg van lekkende krane, waterverhittingstoestelle of toiletspoelbakke;
- (b) uit swembadstrukture of inlaat- of uitlaatpype;
- (c) terwyl die eiendom vir 'n tydperk van langer as 30 dae onbewoon is;
- (d) as gevolg van die opsetlike optrede van die versekerde of enige persoon wat namens die versekerde optree,

met dien verstande dat die maatskappy se aanspreeklikheid hoogstens R10 000 is.

## Instandhoudings- en skoonmaaktoerusting

Hierdie polis word uitgebrei om dekking in te sluit soos omskryf in Omskrewe gebeurteniss 1 tot 5 en 8 van hierdie afdeling, ten opsigte van toerusting wat die versekerde besit vir die instandhouding en skoonmaak van die perseel, beperk tot R10 000 vir 'n enkele verlies of reeks verliese voortspruitend uit een gebeurtenis.

## Kwaadwillige beskadiging

Andersins onderworpe aan die bepalings, voorwaardes, uitsluitings, uitsonderings en waarborge wat hierin vervat is, word hierdie afdeling uitgebrei om verlies of skade te dek wat regstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van die doelbewuste of opsetlike daad van enige persoon wat gepleeg word met die doel om sodanige verlies of skade te veroorsaak, behalwe verlies van of skade aan

1. inhoud wat
   - (a) gesteel word;
   - (b) beskadig word in 'n poging om dit of 'n deel daarvan te verwyder uit 'n perseel wat deur die versekerde besit of geokkupeer word;
2. roerende eiendom wat deur diewe beskadig word terwyl daar by 'n perseel wat deur die versekerde besit of geokkupeer word in- of uitgebreek word of gepoog word om in of uit te breek;
3. onroerende eiendom wat deur die versekerde besit of geokkupeer word en wat veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van
   - (a) die verwydering of gedeeltelike verwydering (of enige poging daartoe),
   - (b) die sloping of gedeeltelike sloping (of enige poging daartoe), van die gemelde onroerende eiendom of enige deel daarvan met die doel om enige deel daarvan te steel,

   met dien verstande dat hierdie uitbreiding nie die volgende dek nie:

   - (i) verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur brand of ontploffing;
   - (ii) gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd, behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek verseker is;
   - (iii) verlies of skade wat voortspruit uit die algehele of gedeeltelike staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van 'n proses of werksaamheid;
   - (iv) verlies of skade wat veroorsaak word deur permanente of tydelike besitontneming wat voortspruit uit konfiskering, kommandering of rekwisisie deur 'n wettig ingestelde owerheid;
   - (v) verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur 'n gebeurtenis waarna in Algemene uitsondering 1(a) (i), (ii), (iii), (iv), (v) of (vi) van hierdie polis verwys word of optrede van 'n wettig ingestelde owerheid in die beheer, voorkoming of onderdrukking van sodanige gebeurtenis of hantering daarvan op enige ander wyse.

   Indien die maatskappy beweer dat verlies of skade op grond van voorbehoudsbepaling (i), (ii), (iii), (iv) of (v) nie deur hierdie polis gedek word nie, rus die las op die versekerde om die teendeel te bewys.

Indien ’n versekerde gebou of deel van ’n gebou wat verseker is vir 30 agtereenvolgende dae onbewoon gelaat word, word versekering ten opsigte van hierdie uitbreiding opgeskort vir die onbewoonde gebou of deel van die gebou, tensy die versekerde voor die plaasvind van skade skriftelike toestemming van die maatskappy verkry vir die voortsetting van hierdie uitbreiding.

Gedurende die aanvanklike tydperk van 30 opeenvolgende dae van onbewoning word die versekerde ’n medeversekeraar saam met die maatskappy en dra die versekerde ’n eweredige deel van enige skade, gelykstaande aan 20 persent van die eis voor die aftrekking van enige eerste bedrag betaalbaar.

### Mediese, trauma- en ontvallingskoste

Indien ’n wag, opsigter, gebou-opsigter of tuinier wat permanent by die versekerde in diens is vir die doeleindes van die beveiliging of instandhouding van die eiendom beskryf in die bylae in die loop van en binne die omvang van sy/haar diens die slagoffer is van onregmatige fisieke aanranding is, sal die maatskappy die versekerde namens sodanige werknemer of die werknemer se boedel skadeloos stel

1. tot hoogstens R10 000 ten opsigte van mediese koste en uitgawes, met inbegrip van ambulans- en hospitaalgelde;
2. tot hoogstens R1 000 ten opsigte van sielkundige berading wat nodig is weens sodanige onregmatige fisieke aanranding;
3. tot hoogstens R5 000 ten opsigte van ontvallingskoste na die dood van die werknemer wat regstreeks deur die onregmatige fisieke aanranding veroorsaak is en binne drie maande na sodanige onregmatige fisieke aanranding voorkom, met dien verstande dat
    (a) mediese koste en uitgawes verhaalbaar of ontvang ingevolge ’n skadeloosstellingsbevel afgetrek word van die skadeloosstelling wat deur (1) hierbo verskaf word;
    (b) die maatskappy se maksimum aanspreeklikheid ingevolge hierdie onderafdeling R10 000 is.

### Verwydering van bome

Die maatskappy sal die versekerde skadeloos stel vir die koste om bome te verwyder wanneer hulle op die versekerde eiendom geval en skade daaraan veroorsaak, beperk tot R10,000 per gebeurtenis.

### Uitbreiding t.o.v. swembad-/boorgatpomp

Skadeloosstelling word uitgebrei om swembad- en borrelbadmasjinerie of boorgatpompe in huishoudelike gebruik te dek indien dit beskadig word weens enige ander oorsaak as slytasie of depresiasie. Die maatskappy sal volgens sy keuse die beskadigde toerusting herstel of vervang of aan die versekerde die waarde daarvan betaal, beperk tot R10 000 per eis.

### Diefstal van verhuurder se los en vaste toebehore aan die buitekant

Diefstal van verhuurder se los en vas toebehore aan die buitekant, wat op kragdadige en gewelddadige wyse van die gebou verwyder word, beperk tot die bedrag wat in die bylae vermeld word. Indien ’n versekerde gebou of ’n deel van ’n gebou wat verseker is vir 30 agtereenvolgende dae onbewoon gelaat word, word hierdie dekking ten opsigte van sodanige onbewoonde gebou of deel van die gebou opgeskort, tensy die versekerde voor die plaasvind van verlies of skade skriftelike toestemming van die maatskappy verkry het vir die voortsetting van hierdie dekking. Gedurende die aanvanklike tydperk van 30 opeenvolgende dae van onbewoning word die versekerde ’n medeversekeraar saam met die maatskappy en dra die versekerde ’n eweredige deel van enige skade, gelykstaande aan 20 persent van die eis voor die aftrekking van enige eerste bedrag betaalbaar.

### Wagte

Die maatskappy sal die versekerde skadeloos stel vir die koste wat redelikerwys aangegaan word om wagte in diens te neem na ’n gebeurtenis wat aanleiding gee tot ’n eis waarvoor die maatskappy aanspreeklikheid erken, beperk tot R10 000 per gebeurtenis.

### Verbandhouer

Die belang van ’n verbandhouer(s) in die versekering ingevolge hierdie afdeling word nie benadeel nie deur

(a) enige handeling of versuim deur die beheerliggaam of enige van die eienaars van eenhede soos omskryf in die Wet op Deeltitels, No. 95 van 1986;

(b) of enige wanvoorstelling of nie-openbaarmaking deur die beheerliggaam of enige van die eienaars van die eenhede op die tydstip wanneer die versekering aangegaan of hernu word tydens die geldigheid daarvan; of

(c) die vervreemding van die eiendom; of

(d) die okkupasie daarvan vir gevaarliker doeleindes as wat deur die polis toegelaat word,

met dien verstande dat:

(i) sodanige handeling, versuim, wanvoorstelling, nie-openbaarmaking, vervreemding of okkupasie sonder die wete of medewete van die verbandhouer(s) voorgekom het; en

(ii) die verbandhouer(s) die maatskappy van die voorkoms of bestaan van sodanige handeling, versuim, wanvoorstelling, nie-openbaarmaking, vervreemding of okkupasie in kennis stel sodra hy of sy daarvan te wete kom; en

(iii) die verbandhouer(s) op redelike aanvraag die addisionele heffing vir die groter gevaar wat daardeur geskep word, betaal volgens die vasgestelde tariefskaal, vir die tyd wat sodanige groter gevaar gedurende die voortsetting van die versekering deur die maatskappy aanvaar word of is; en

(iv) enige vergoeding betaalbaar ingevolge hierdie afdeling regstreeks aan die verbandhouer(s) van die betrokke eenheid betaalbaar is, in die volgorde van voorkeur van hul verbande, tot die waarde wat in hierdie polis aan die bepaalde eenheid toegeken is of die somtotaal van die bedrae verskuldig deur die eienaar van die eenheid aan die verbandhouers ingevolge hul verbande, wat ook al die minste is.

2. alle en enige bedrae wat deur die maatskappy betaalbaar word, word ten volle vir die herstelling van sodanige skade aangewend, tensy anders besluit of gelas ingevolge artikel 48 van die Wet op Deeltitels. Indien ingevolge artikel 48 van die Wet op Deeltitelsis besluit of gelas word dat sodanige skade nie herstel moet word nie, is die opbrengs van 'n eis van toepassing op die eenheid in die eerste plek betaalbaar aan die verbandhouer(s) van die bepaalde eenheid, tot die waarde wat in hierdie polis aan die bepaalde eenheid toegeken is of die somtotaal van die bedrae verskuldig deur die eienaar van die eenheid aan die verbandhouer(s) ingevolge hul verbande, wat ook al die minste is.

3. die eweredigheidsvoorwaarde-klousule wat by die polis ingelyf is, is op die individuele eenhede (die eienaar se belang in die grond uitgesluit) van toepassing en nie op die Skema in die geheel nie.

### Spoorweg- en ander subrogasie

Die versekerde word nie benadeel deur die ondertekening van Transnet se besteldiensvrywaring ten opsigte van gevaarlike persele of ander spesiale ooreenkomste met die Transnet-administrasie oor privaat sylyne of soortgelyke ooreenkomste met ander staatsliggame nie.

### Tydelike verwydering

Behalwe in die mate waarin dit andersins verseker is, word die verhuurder se los en vaste toebehore gedek terwyl dit tydelik na enige ander perseel verskuif word, insluitend transito per pad, spoor of binnelandse waterweg binne die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe en Malawi, met dien verstande dat die bedrag wat ingevolge hierdie klousule betaalbaar is hoogstens die bedrag is wat betaalbaar sou gewees het indien die verlies of skade plaasgevind het op die perseel waarvandaan die eiendom tydelik verwyder is.

### Huurders

Die versekering word nie ongeldig gemaak deur enige handeling of versuim aan die kant van 'n huurder (behalwe die versekerde) nie, met dien verstande dat die beheerliggaam of eienaars die maatskappy van sodanige handeling of versuim in kennis stel sodra hulle daarvan bewus word en op aanvraag die toepaslike addisionele premie betaal.

### Eienaars

Die versekering word nie ongeldig gemaak deur enige handeling of versuim aan die kant van 'n eienaar van 'n eenheid nie, behalwe

indien al die eienaars gesamentlik vir die handeling of versuim verantwoordelik is;

ten opsigte van skade aan 'n deel wat aan die eienaar behoort wie se handeling of versuim die skade veroorsaak het.

Nieteenstaande hierdie uitsondering word die belang van die beheerliggaam nie ongeldig gemaak deur enige sodanige handeling of versuim waarvan hulle nie bewus was nie.

### Kragstuwing

Die versekering ingevolge hierdie afdeling word uitgebrei om skade weens ’n kragstuwing aan die verhuurder se los en vaste toebehore wat deel van versekerde geboue ingevolge hierdie afdeling uitmaak, in te sluit.

Met dien verstande dat:

1. die maatskappy se aanspreeklikheid hoogstens R10 000 ten opsigte van ’n enkele gebeurtenis is;
2. die maatskappy nie vir die eerste 10% van die eis, met ’n minimum van R500, aanspreeklik is nie.

### Geisers en waterpype

Die maatskappy sal die versekerde skadeloos stel ten opsigte van Omskrewe gebeurtenis 6 vir die bars, lekkasie of oorstroming van huishoudelike verhittingsinstallasies of pype, met inbegrip van skade aan sodanige installasies of pype, wat geïnstalleer is en deel van die geboue uitmaak, tot ’n perk van R10 000. Met dien verstande dat die maatskappy nie vir die eerste R500 ten opsigte van elke gebeurtenis aanspreeklik is nie.

### Verbandafloskoste

Die maatskappy betaal die regsgelde wat noodsaaklikerwys en redelikerwys deur die eenheid-eienaars aangegaan word, onderworpe aan ’n perk van R10 000, vir ’n enkele verlies of reeks verliese voortspruitend uit een gebeurtenis, om hul verband af te los indien die gebou heeltemal vernietig word, of in sodanige toestand is dat dit ekonomies is om dit te herstel, vervang of herbou.

ZURICH

# Afdeling 2
## Hooftoevoerverbindings

**Omskrewe gebeurtenisse**
Toevallige skade aan water-, riool-, gas-, elektrisiteit- en telekommunikasieverbindings op die eiendom van die versekerde of waarvoor die versekerde regtens aanspreeklik is, tussen die versekerde eiendom en die hooftoevoerverbindingspunte, onderworpe aan die perk soos in die bylae vermeld.



# Afdeling 3

## Huurgeld

### Omskrewe gebeurtenisse



#### Verlies van huurgeld ontvangbaar van huurders

Verlies aan huurgeld weens die feit dat die versekerde eiendom sodanig beskadig word deur enige van die Omskrewe gebeurtenisse in afdeling 1 dat dit onverhuurbaar is, maar slegs vir die tydperk wat vir herstelling nodig is en vir ’n bedrag van hoogstens 25 persent van die bedrag waarteen die geaffekteerde eenheid of deel verseker is. Die berekeningsgrondslag is die huurgeld wat betaalbaar is vir die ongemeubileerde eenheid of deel of die ekwivalent daarvan in huurgeldwaarde

#### Eienaars se alternatiewe verblyf

Indien die eiendom sodanig beskadig word deur enige van die Omskrewe gebeurtenisse in afdeling 1 dat dit onverhuurbaar is, sal die maatskappy die versekerde skadeloos stel ten opsigte van die redelike koste van ekwivalente verblyf tot ’n perk van 25 persent van die versekerde bedrag op die geaffekteerde eenheid. Die skadeloosstellingstydperk word beperk tot die tydperk wat nodig is om die eenheid te herstel.
Die versekering wat hierin verskaf word, dek nie verlies wat ten tyde van die voorkoms van sodanige verlies deur ’n ander polis verseker is of sou gewees het indien hierdie polis nie bestaan het nie, behalwe ten opsigte van ’n bybedrag bo die bedrag wat ingevolge die polis betaalbaar sou gewees het indien hierdie versekering nie aangegaan is nie.

### Memoranda

#### Eweredigheid

Indien die versekerde eiendom by die aanvang van enige skade aan sodanige eiendom weens ’n gevaar waarteen dit verseker is gesamentlik meer werd is as die bedrag waarteen dit verseker is, word die versekerde sy eie versekeraar vir die verskil geag en dra hy dienooreenkomstig ’n eweredige deel van die verlies. Elke item, indien daar meer as een is, is afsonderlik aan hierdie voorwaarde onderworpe. Hierdie voorwaarde is van toepassing op die individuele eenhede, uitgesonderd die eienaar se belang in die grond, en nie op die eiendom in die geheel nie.

### Uitbreidings

#### Verhindering van toegang

Indien eiendom binne ’n 10 km-omtrek van die perseel soos in die bylae vermeld gedurende die versekeringstydperk weens ’n gevaar omskryf in afdeling 1 verloor of beskadig word en dit gebruik van of toegang tot die eiendom wat ingevolge hierdie afdeling verseker word verhinder of belemmer, sal die maatskappy ’n verlies aan huurgeld betaal wat die versekerde as gevolg daarvan kan ly, tot ’n bedrag van hoogstens 25 persent van die versekerde bedrag op die geaffekteerde eiendom. Die berekeningsgrondslag is die huurgeld ontvangbaar (vir die ongemeubileerde eenheid) onmiddellik voor die skade.

#### Versuim van openbare nutsdiens om diens te lewer

Verlies van huurgeld vir ’n verhuurde eenheid of tydelike verblyfkoste vir ’n eenheid wat deur ’n eienaar bewoon word, wat aangegaan word omrede die eenheid onbewoonbaar geword het:

1. as gevolg van die versuim deur ’n openbare nutsdiens om elektrisiteit, gas, water of riooldienste aan die eenheid te lewer; en
2. waar die versuim om diens te lewer voortspruit het uit skade aan eiendom wat behoort aan of onder beheer is van die openbare nutsdiens, welke skade voorgekom het gedurende die versekeringstydperk en veroorsaak is deur ’n gebeurtenis wat nie deur afdeling 1 uitgesluit word nie.

Die maatskappy sal in die omstandighede wat hierbo beskryf is verlies van huurgeld of tydelike verblyfkoste betaal, maar slegs vir die tydperk wat:

- (a) begin 24 uur na die versuim om diens te lewer; en
- (b) eindig 30 dae later of op die tydstip dat die dienste herstel word, wat ook al eerste gebeur.

### Sluiting van openbare owerheid

Verlies van huurgeld vir 'n verhuurde eenheid of tydelike verblyfkoste vir 'n eenheid wat deur 'n eienaar bewoon word, wat aangegaan word omrede die eenheid nie bewoon kan word nie as gevolg van 'n bevel wat gedurende die versekeringstydperk deur 'n staatsowerheid gegee word omdat 'n moord of selfmoord by die ligging voorgekom het.

Die maatskappy sal in die omstandighede wat hierbo beskryf is verlies van huurgeld of tydelike verblyfkoste betaal, maar slegs vir die tydperk wat:

1. begin op die tydstip waarop die staatsbevel van krag word; en
2. eindig 30 dae later of op die tydstip waarop die bevel herroep word, wat ook al eerste gebeur.

# Afdeling 4

## Toevallige skade

### Omskrewe gebeurtenisse



Toevallige fisiese verlies van of skade aan die versekerde eiendom, soos hieronder omskryf, op of in die omgewing van die perseel wat nie andersins verseker is nie of waarvoor versekering beskikbaar is en beskryf word (hetsy by hierdie polis ingelyf of nie) ingevolge 'n afdeling (behalwe afdeling 9 – Alle risiko's) wat in die inhoudsopgawe van hierdie polis verskyn.

Die bedrag betaalbaar vir alle skade voortspruitend uit 'n enkele oorspronklike oorsaak of bron is hoogstens die versekerde bedrag soos in die bylae vermeld, en nieteenstaande Algemene voorwaarde 2, word hierdie afdeling nie opgeroep vir 'n omskrewe gebeurtenis waarvoor meer spesifieke versekering gereël is nie.

### Omskrywing

### Versekerde eiendom

Enige tasbare eiendom wat aan die versekerde behoort of in trust of op kommissie gehou word waarvoor die versekerde verantwoordelik is, behalwe

1. geldige munte (met inbegrip van Krugerrande en soortgelyke munte), bank- en valutanote, reisigers- en ander tjeks, poswissels en posorders, geldige ongebruikte pos- en inkomsteseëls en vakansiebetalingsbewyse, kredietkaartstrokies, ongebruikte MWT-bewyse en ander sertifikate, dokumente of instrumente van 'n verhandelbare aard;
2. pelse, juweliersware, goud, edel- en halfedelmetale en stene, kuriositeite, skaars boeke en kunswerke;
3. eiendom in transito per lug, binnelandse waterweg of see;
4. spoorweglokomotiewe, rollende materiaal en ander spoorwegeiendom, lugvaartuie, watervaartuie, meganies of elektries aangedrewe voertuie, motorfietse, mobiele toerusting, woonwaens en sleepwaens;
5. staande of afgekapte bome, gesaaides, diere, grond (met inbegrip van bogrond, opvulling, dreinering, duikslote), opritte, sypaadjies, paaie, aanloopbane, damme, opgaartenks, kanale, pyplyne (buite die perseel), tonnels, kabels (buite die perseel), sweefspore, brûe, dokke, seehoofde, kaaie, landingsplekke, uitgrawings, eiendom onder die grond of plofstowwe;
6. elektroniese dataverwerkingstoerusting en eksterne datamedia (ponskaarte, bande, skywe en dies meer) en die inligting daarop;
7. eiendom tydens konstruksie, bouwerk of demontering, met inbegrip van materiale of voorraad met betrekking daartoe;
8. eiendom in besit van klante ingevolge bruikhuur-, huur-, krediet- of opskortende verkoopsooreenkomste;
9. glas, porselein, erdeware, marmer en ander breekbare of bros voorwerpe;

tensy in die bylae vermeld dat dit verseker is.

### Spesifieke uitsonderings

Die maatskappy is nie aanspreeklik vir skade voortspruitend uit die volgende nie:

1. enige gevaar of omstandigheid wat uitgesluit word van ander beskikbare versekering van die maatskappy by die aanvang hiervan, of vir 'n bybetaling wat ingevolge sodanige afdeling deur die versekerde betaalbaar is, of vir 'n vermindering van die betaalbare bedrag ingevolge 'n eis as gevolg van die toepassing van die eweredigheidsbeginsel;
2. meer as die individuele waarde van 'n item wat deel is van 'n paar, stel of versameling, sonder inagneming van enige spesiale waarde wat sodanige item kan hê as deel van sodanige paar, stel of versameling;
3. aanhouding, konfiskering, beslaglegging, vernietiging of kommandering deur 'n wettig gekonstitueerde owerheid of ander regsproses;

4. onverklaarde verdwyning of tekort wat eers tydens of na 'n voorraadopname aan die lig kom of foute of weglatings in kwitansies, betalings of boekhouding, of verkeerde liassering of verlegging van inligting;
5. versuim met en/of opsetlike weerhouding van en/of gebrek aan voorsiening van water, stoom, gas, elektrisiteit, brandstof of verkoelingsmiddel;
6. inmekaarval van toerusting en masjinerie, geboue en strukture (behalwe rakke of stoorplatforms);
7. verlies van of skade aan versekerde eiendom veroorsaak deur
   (a) 'n bedrogskema, slenter, toestel of valse voorwendsel waarvan die versekerde (of enige persoon wat toesig oor die versekerde eiendom het) die slagoffer is of bedrog of oneerlikheid van 'n prinsipaal of agent van die versekerde;
   (b) oorverhitting, inploffing, kraak, breek, sweisdefek, nippellekkasie of ander defek. Hierdie uitsondering geld slegs vir vaartuie, pype, buise of soortgelyke apparaat;
   (c) brekasie; elektriese, elektroniese en/of meganiese versteuring;
   (d) wysiging, bleik, skoonmaak, kleuring, vervaardiging, herstel, diens, opknapping, toetsing of enige ander werk daarop;
   (e) fout of defek in die ontwerp, formule, spesifikasie, tekening, plan, materiale, vakmanskap of professionele advies, normale onderhoud, geleidelike agteruitgang, waardevermindering, korrosie, roes, oksidasie of ander chemiese aksie of reaksie, ryp, temperatuurverandering, uitsetting of vogtigheid, fermentasie of ontkieming, klammigheid, droogheid, nat of droë verrotting, krimping, verdamping, gewigverlies, kontaminasie, besoedeling, verandering in kleur of geur of tekstuur of afwerking, of sy eie slytasie;
   (f) huisdiere, termiete, motte, insekte, goggas, inherente defekte, dampe, gebreke, latente defekte, wisseling in atmosferiese of klimaatstoestande, die uitwerking van lig;
8. vassakking of vaslegging, oplig of instorting van grond, kraak van strukture of die verwydering of verswakking van stutte van versekerde eiendom;
9. (a) verlies van of skade aan chemikalieë, olies, vloeistowwe, gasse of dampe weens lekkasie of uitloop uit die houer waarin dit is;
   (b) verlies of skade weens lekkasie of uitloop van chemikalieë, olies, vloeistowwe, gasse of dampe;
10. skade aan besproeiingstoerusting;
11. duike, afsplintering, skrape of krake wat nie die werking van die item affekteer nie.

## Klousules en uitbreidings

### Addisionele koste

Ten opsigte van versekerde eiendom sluit die versekerde bedrag die volgende in:

1. enige koste wat na die versekerde gebeurtenis aangegaan word weens die noodsaaklikheid om aan bou- of ander regulasies van enige openbare owerheid te voldoen, met dien verstande dat sodanige koste nie die volgende insluit nie:
   (a) enigiets waarvan kennis aan die versekerde gegee is voordat die versekerde gebeurtenis plaasgevind het;
   (b) enigiets in verband met onbeskadigde eiendom of onbeskadigde dele van eiendom;
   (c) munisipale of ander belasting, ontwikkelings- en ander heffings wat ingevolge die gemelde regulasies betaalbaar is as gevolg van waardevermeerdering van die versekerde eiendom;
2. ondersoekgelde vir munisipale of ander planne;
3. koste wat noodsaaklikerwys deur die versekerde aangegaan word ten opsigte van sloping, puinverwydering en om skuttings wat tydens sloping en herbouing vereis word te verskaf, op te rig en in stand te hou;
4. die professionele gelde van argitekte, bourekenaars en ander konsultante;
5. koste gehef deur 'n gemagtigde brandweer vir hul dienste,

maar die maatskappy is nie ingevolge (1), (2) of (4) aanspreeklik nie, tensy die beskadigde eiendom sonder onnodige vertraging vervang of herstel word, en ook nie ingevolge (4) vir uitgawes in verband met die voorbereiding van die versekerde se eis nie. Voorts is die maatskappy nie ingevolge (3) aanspreeklik nie vir enige koste of uitgawes

   (a) aangegaan om puin te verwyder behalwe op die terrein van sodanige eiendom wat vernietig of beskadig is en die onmiddellike omgewing aangrensend aan sodanige terrein;
   (b) voortspruitend uit besoedeling of kontaminasie van eiendom wat nie deur hierdie polis/afdeling verseker word nie.

### Verbandhouer

1. Die belang van 'n verbandhouer(s) in die versekering ingevolge hierdie afdeling word nie benadeel nie deur
   - (a) enige handeling of versuim deur die beheerliggaam of enige van die eienaars van eenhede soos omskryf in die Wet op Deeltitels, No. 95 van 1986; of
   - (b) enige wanvoorstelling of nie-openbaarmaking deur die beheerliggaam of enige van die eienaars van die eenhede op die tydstip wanneer die versekering aangegaan of hernu word tydens die geldigheid daarvan; of
   - (c) die vervreemding van die eiendom; of
   - (d) die okkupasie daarvan vir gevaarliker doeleindes as wat deur die polis toegelaat word, met dien verstande dat:
     - (i) sodanige handeling, versuim, wanvoorstelling, nie-openbaarmaking, vervreemding of okkupasie sonder die wete of medewete van die verbandhouer(s) voorgekom het; en
     - (ii) die verbandhouer(s) die maatskappy van die voorkoms of bestaan van sodanige handeling, versuim, wanvoorstelling, nie-openbaarmaking, vervreemding of okkupasie in kennis stel sodra hy of sy daarvan te wete kom;
     - (iii) die verbandhouer(s) op redelike aanvraag die addisionele heffing vir 'n groter gevaar wat daardeur geskep word, betaal volgens die vasgestelde tariefskaal, vir die tyd wat sodanige groter gevaar gedurende die voortsetting van die versekering deur die maatskappy aanvaar word of is, en
     - (iv) enige vergoeding betaalbaar ingevolge hierdie afdeling regstreeks aan die verbandhouer(s) van die betrokke eenheid betaalbaar is, in die volgorde van voorkeur van hul verbande, tot die waarde wat in hierdie polis aan die bepaalde eenheid toegeken is of die somtotaal van die bedrae verskuldig deur die eienaar van die eenheid aan die verbandhouers ingevolge hul verbande, wat ook al die minste is.
2. Alle en enige bedrae wat deur die maatskappy betaalbaar word, word ten volle vir die herstel van sodanige skade aangewend, tensy anders besluit of gelas ingevolge artikel 48 van die Wet op Deeltitels. Indien ingevolge artikel 48 van die Wet op Deeltitelsis besluit of gelas word dat sodanige skade nie herstel moet word nie, is die opbrengs van 'n eis van toepassing op die eenheid in die eerste plek betaalbaar aan die verbandhouer(s) van die bepaalde eenheid, tot die waarde wat in hierdie polis aan die bepaalde eenheid toegeken is of die somtotaal van die bedrae verskuldig deur die eienaar van die eenheid aan die verbandhouer(s) ingevolge hul verband(e), wat ook al die minste is.
3. Die eweredigheidsvoorwaarde-klousule wat by die polis ingelyf is, is op die individuele eenhede (die eienaar se belang in die grond uitgesluit) van toepassing en nie op die Skema in die geheel nie.

### Huurders

Die versekering word nie ongeldig gemaak deur enige handeling of versuim aan die kant van 'n huurder (behalwe die versekerde) nie, met dien verstande dat die beheerliggaam of eienaars die maatskappy van sodanige handeling of versuim in kennis stel sodra hulle daarvan bewus word en op aanvraag die toepaslike addisionele premie betaal.

### Eienaars

Die versekering word nie ongeldig gemaak deur enige handeling of versuim aan die kant van 'n eienaar van 'n eenheid nie, behalwe

1. indien al die eienaars gesamentlik vir die handeling of versuim verantwoordelik is;
2. ten opsigte van skade aan 'n deel wat aan die eienaar behoort wie se handeling of versuim die skade veroorsaak het.

Nieteenstaande hierdie uitsondering word die belang van die beheerliggaam nie ongeldig gemaak deur enige sodanige handeling of versuim waarvan hulle nie bewus was nie.

## Memoranda

### Eweredigheid

Indien die versekerde eiendom by die aanvang van enige skade aan sodanige eiendom weens ’n gevaar waarteen dit verseker is gesamentlik meer werd is as die bedrag waarteen dit verseker is, word die versekerde sy eie versekeraar vir die verskil geag en dra hy dienooreenkomstig ’n eweredige deel van die verlies. Elke item, indien daar meer as een is, is afsonderlik aan hierdie voorwaarde onderworpe. Hierdie voorwaarde is van toepassing op die individuele eenhede, uitgesonderd die eienaar se belang in die grond, en nie op die eiendom in die geheel nie.

# Afdeling 5

## Kantoorinhoud



### Omskrewe gebeurtenisse

Verlies van of skade aan die inhoud van die kantoor (insluitend elektroniese dataverwerkingstoerusting), voorportaal, klubhuis, hekwaghuis, ontvangs en wassery, wat aan die beheerliggaam behoort of waarvoor die beheerliggaam verantwoordelik is, geleë soos vermeld in die bylae, deur enige van volgende:

1. brand, weerlig, donderslag, onderaardse brand, ontploffing.
2. storm, wind, water, hael of sneeu, met uitsluiting van verlies van of skade aan eiendom voortspruitend uit 'n proses wat die eiendom noodsaaklikerwys ondergaan wat die gebruik of aanwending van water behels.
3. aardbewing, maar met uitsluiting van verlies van of skade aan eiendom in die ondergrondse werksaamhede van 'n myn.
4. lugvaartuie en ander lugtoestelle of voorwerpe wat daaruit laat val word.
5. botsing deur diere, bome, antennes, satellietskottels of voertuie, met uitsluiting van skade aan sodanige diere, bome, antennes, satellietskottels, voertuie of eiendom in of op sodanige voertuie.
6. toevallige breekskade aan spieëlglas, glasblaaie van meubels of vaste glas wat deel uitmaak van 'n meubelstuk.

### Aanspreeklikheidsperk

Die maatskappy se aanspreeklikheidsperk ingevolge hierdie afdeling is hoogstens die versekerde bedrag soos in die bylae vermeld.

### Eweredigheid

Indien die versekerde eiendom by die aanvang van enige verlies van of skade aan sodanige eiendom weens 'n gevaar waarteen dit verseker is gesamentlik meer werd is as die bedrag waarteen dit verseker is, word die versekerde sy eie versekeraar vir die verskil geag en dra hy dienooreenkomstig 'n eweredige deel van die verlies. Elke item van die bylae wat sodanige eiendom dek, is afsonderlik aan hierdie voorwaarde onderworpe.

### Spesifieke uitsondering

Hierdie afdeling dek nie die volgende nie:

1. eiendom buite die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe en Malawi;
2. ontwerpe, patrone, modelle of vorms (behalwe in soverre die gemelde artikels ingevolge hierdie onderafdeling verseker is), handelsvoorrraad, monsters, motorvoertuie en bybehore daarvoor, geld, sekuriteite, seëls, juweliersware of edelstene;
3. die eerste 10 persent van die skadeloosstelbare bedrag of R1 000, wat ook al die grootste is, indien die verlies of skade aan weerlig te wyte is.

### Klousules en uitbreidings

### Uitbreiding t.o.v. Diefstal deur kragdadige betreding

Die volgende gevaar word by die toepaslike Omskrewe gebeurtenisse gevoeg:

1. diefstal (of enige poging daartoe) wat gepaardgaan met kragdadige en gewelddadige betreding of verlating (of enige poging daartoe) van die kantoor, voorportaal, klubhuis, hekwaghuis, ontvangs en wassery, of as gevolg van die diefstal (of enige poging daartoe) na geweld of dreiging met geweld.

   Met dien verstande dat
   (a) die maatskappy nie ingevolge hierdie afdeling vir diefstal of poging tot diefstal deur 'n lid van die beheerliggaam, trustee(s) of werknemer(s) van die beheerliggaam aanspreeklik is nie;
   (b) die bedrag betaalbaar verminder sal word met die eerste bedrag betaalbaar soos in die bylae aangedui vir hierdie uitbreiding;

(c) die maksimum bedrag betaalbaar hoogstens die versekerde bedrag is soos in die bylae aangedui vir hierdie uitbreiding, minus die eerste bedrag betaalbaar.

**Kwaadwillige skade**

Andersins onderworpe aan die bepalings, voorwaardes, uitsluitings, uitsonderings en waarborge wat hierin vervat is, word hierdie onderafdeling uitgebrei om verlies of skade te dek wat regstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van die doelbewuste of opsetlike daad van enige persoon wat gepleeg word met die doel om sodanige verlies of skade te veroorsaak, behalwe verlies van of skade aan

1. inhoud wat
   (a) gesteel word;
   (b) beskadig word in ’n poging om dit of ’n deel daarvan te verwyder uit ’n perseel wat deur die versekerde besit of geokkupeer word;
2. roerende of onroerende eiendom wat deur diewe beskadig word terwyl daar by ’n perseel wat deur die versekerde besit of geokkupeer word in- of uitgebreek word of gepoog word om in of uit te breek;
3. onroerende eiendom wat deur die versekerde besit of geokkupeer word en wat veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van
   (a) die verwydering of gedeeltelike verwydering, of enige poging daartoe;
   (b) die sloping of gedeeltelike sloping, of poging daartoe,

   Van gemelde onroerende eiendom of ’n deel daarvan, met die doel om enige deel daarvan te steel met dien verstande dat hierdie uitbreiding nie die volgende dek nie:
   (i) verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur brand of ontploffing;
   (ii) gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd, behalwe verlies aan huurgeld indien dit spesifiek verseker is;
   (iii) verlies of skade wat voortspruit uit die algehele of gedeeltelike staking van werk of die vertraging of onderbreking of staking van ’n proses of werksaamheid;
   (iv) verlies of skade wat veroorsaak word deur permanente of tydelike besitontneming wat voortspruit uit konfiskering, kommandering of rekwisisie deur ’n wettig ingestelde owerheid;
   (v) verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur ’n gebeurtenis waarna in Algemene uitsondering 1(a) (i), (ii), (iii), (iv), (v) of (vi) van hierdie polis verwys word of optrede van ’n wettig ingestelde owerheid met die beheer, voorkoming of onderdrukking van sodanige gebeurtenis of hantering daarvan op enige ander wyse.

   Indien die maatskappy beweer dat verlies of skade op grond van voorbehoudsbepaling (i), (ii), (iii), (iv) of (v) nie deur hierdie polis gedek word nie, rus die las op die versekerde om die teendeel te bewys.

Indien ’n gebou of deel van ’n gebou wat verseker is vir 30 agtereenvolgende dae onbewoon gelaat word, word versekering ten opsigte van hierdie uitbreiding opgeskort vir die onbewoonde gebou of deel van die gebou, tensy die versekerde voor die voorkoms van skade skriftelike toestemming van die maatskappy verkry vir die voortsetting van hierdie uitbreiding.

Gedurende die aanvanklike tydperk van 30 opeenvolgende dae van onbewoning word die versekerde ’n medeversekeraar saam met die maatskappy en dra die versekerde ’n eweredige deel van enige skade, gelykstaande aan 20 persent van die eis voor die aftrekking van enige eerste bedrag betaalbaar.

# Afdeling 6

## Aanspreeklikheid



### Omskrewe gebeurtenisse

Skadevergoeding waarvoor die versekerde as eienaar (maar nie as bewoner nie) van die eiendom aanspreeklik word by die dood of liggaamlike besering of siekte van 'n persoon (hierna besering genoem) of verlies van of fisiese skade aan tasbare eiendom (hierna skade genoem) wat in die loop van of in verband met die eienaarskap van die versekerde eiendom binne die gebiedsgrense en of op na die terugwerkende datum vermeld in die bylae voorgekom het, en wat aanleiding gee tot 'n aanvanklike skriftelike eis(e) teen die versekerde gedurende die versekeringstydperk.

### Skadeloosstellingsperk

Die bedrag betaalbaar, met inbegrip van enige regskoste verhaalbaar van die versekerde deur 'n eiser of enige getal eisers en alle ander koste en uitgawes wat met die maatskappy se goedkeuring aangegaan word vir 'n enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron, is hoogstens die skadeloosstellingsperk wat in die bylae vermeld word.

### Spesifieke uitsonderings

Die maatskappy sal nie die versekerde ingevolge hierdie onderafdeling skadeloos stel nie ten opsigte van

1. besering of skade opgedoen deur
   (a) 'n trustee of lid van dieselfde huishouding as die versekerde;
   (b) 'n persoon wat ingevolge 'n diens- of vakleerlingskapkontrak by die versekerde in diens is en regstreeks voortspruitend uit en in die loop van sodanige diens by die versekerde;
   (c) 'n ander persoon voortspruitend uit die eienaarskap van of gebruik deur of namens die versekerde van meganies aangedrewe voertuie (behalwe pedaalfietse en grassnyers);
2. skade aan eiendom
   (a) (i) wat aan die versekerde behoort;
   (ii) onder toesig of beheer van die versekerde of 'n werknemer van die versekerde;
   (b) veroorsaak deur vibrasie of die verwydering of verswakking of versteuring van stutte vir grond, 'n gebou of 'n ander struktuur;
3. aanspreeklikheid wat volgens ooreenkoms aanvaar word, tensy die versekerde nieteenstaande sodanige ooreenkoms aanspreeklik sou gewees het;
4. (a) aanspreeklikheid ten opsigte van besering, skade of verlies van gebruik van eiendom wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur syfering, besoedeling of kontaminasie, altyd met dien verstande dat hierdie uitsondering niegeld waar sodanige syfering, besoedeling of kontaminasie deur 'n skielike, onbeplande en onvoorsiene gebeurtenis veroorsaak word nie;
   (b) die koste van die verwydering, vernietiging of opruiming van deursyferende, besoedelende of kontaminerende stowwe, tensy die deursyfering, besoedeling of kontaminasie deur 'n skielike, onbeplande en onvoorsiene gebeurtenis veroorsaak word.

   Hierdie uitsondering brei nie die polis uit om enige aanspreeklikheid te dek wat by die afwesigheid van hierdie uitsondering nie ingevolge hierdie polis verseker sou gewees het nie;
5. boetes, strafvoltrekkings, straf-, bestraffende of wraaksugtige skadevergoeding;
6. (a) skadevergoeding ten opsigte van uitsprake in die eerste instansie gelewer of verkry in 'nander hof as 'n hof met bevoegde jurisdiksie binne die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho en Swaziland;
   (b) regskoste en -uitgawes wat deur 'n eiser van die versekerde verhaal is en wat nie aangegaan en verhaalbaar is in die gebied wat in 6(a) hierbo beskryf word nie;
7. Aanspreeklikheid voortspruitend uit besering of skade
   (a) veroorsaak deur of in verband met advies of behandeling van 'n professionele aard (behalwe noodhulpbehandeling) gegee deur of in opdrag van die versekerde;
   (b) veroorsaak deur of in verband met die eienaarskap, besit of gebruik deur of namens die versekerde van enige meganies aangedrewe voertuig (behalwe 'n pedaalfiets of grassnyer of voetganger-beheerde tuintoerusting) of sleepwa of enige watertuig, lokomotief of

rollende materiaal, met dien verstande dat hierdie uitsondering nie die maatskappy van aanspreeklikheid onthef om die versekerde skadeloos te stel ten opsigte van aanspreeklikheid voortspruitend uit besering of skade veroorsaak deur of wat ontstaan buite die grense van 'n rybaan of deurpad in verband met die laai of aflaai van 'n voertuig, in soverre sodanige besering of skade nie deur 'n ander versekeringspolis gedek word nie;

(c) veroorsaak deur of in verband met
  (i) die brandstofinname van lugvaartuie;
  (ii) die eienaarskap, besit, onderhoud, werking of gebruik van lugvaartuie of 'n lugredery;
  (iii) die eienaarskap, huur of bruikhuur van 'n lughawe, vliegveld of helikopterblad;

8. aanspreeklikheid as gevolg van die besering van 'n persoon wat ingevolge 'n diens- of vakleerlingskapkontrak by die versekerde in diens is en voortspruitend uit en in die loop van sodanige diens by die versekerde;
9. 'n eis wat voortspruit uit 'n gebeurtenis wat aan die versekerde bekend is
   (a) wat nie ingevolge Algemene voorwaarde 6 by die maatskappy aangemeld word nie;
   (b) voor die aanvang van hierdie afdeling;
10. 'n eis (in die geval van kansellasie of nie-hernuwing van hierdie afdeling) wat nie aanvanklik skriftelik teen die versekerde ingestel word binne die 48-maandetydperk nie (of verlengde tydperk ten opsigte van minderjariges) soos gespesifiseer in Spesifieke voorwaarde 2;
11. aanranding en/of mishandeling (insluitend seksuele aanranding) of onregmatige inhegtenisneming en/of aanhouding, tensy gedoen om gevaar vir persone of eiendom te voorkom of uit te skakel;
12. die konstruksie, oprigting, verbouing, toevoeging, opknapping of sloping van 'n gebou deur die versekerde of namens die versekerde waar die kontrakwaarde van die werk meer as R2 500 000 bedra;
13. die gedrag van 'n besigheid of professie of die lewering van dienste deur die versekerde behalwe as eienaar van die versekerde eiendom.
14. Die versekerde is verantwoordelik vir die eerste bedrag betaalbaar soos vermeld in die bylae ten opsigte van 'n enkele eis of aantal eise voortspruitend uit alle gebeurtenisse van 'n reeks wat volg op of toeskryfbaar is aan 'n enkele bron of oorspronklike oorsaak. Die bepalings van hierdie klousule geld vir eise voortspruitend uit skade en geld ook vir koste en uitgawes wat deur die versekerde aangegaan word;
15. voortspruitend uit die opsetlike, bewustelike of doelbewuste verontagsaming deur die versekerde of die versekerde se tegniese of administratiewe bestuur van die nodigheid om alle redelike stappe te doen om eise te voorkom.

### Memorandum

Slegs ten opsigte van hierdie afdeling word Algemene uitsluiting 1 geskrap en deur die volgende vervang: "Hierdie afdeling dek nie besering, skade of aanspreeklikheid wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur, verband hou met, of voortspruit uit oorlog, inval, optrede van 'n buitelandse vyand, vyandelikhede (ongeag of oorlog verklaar is of nie), burgeroorlog, muitery, opstand, rebellie, revolusie, militêre mag of magstoe-eiening nie."

### Spesifieke voorwaardes

1. 'n Eis wat aanvanklik skriftelik teen die versekerde ingestel word as gevolg van 'n omskrewe gebeurtenis wat ingevolge Algemene voorwaarde 6 aangemeld is (hierna aangemelde gebeurtenis genoem), word hanteer asof dit aanvanklik teen die versekerde ingestel is op dieselfde dag as die dag waarop die versekerde die gebeurtenis by die maatskappy aangemeld het.
2. In die geval van kansellasie of nie-hernuwing van die polis
   (a) word 'n eis voortspruitend uit 'n aangemelde gebeurtenis, wat aanvanklik teen die versekerde ingestel is gedurende die 48 maande onmiddellik na kansellasie of nie-hernuwing, hanteer asof dit aanvanklik teen die versekerde ingestel is op dieselfde dag as die dag waarop die versekerde die gebeurtenis aangemeld het. Indien die eiser minderjarig is, sal die tydperk van 48 maande verleng word tot die verstryking van 12 maande nadat die eiser meerderjarig geword het;
   (b) kan die versekerde 'n gebeurtenis ingevolge Algemene voorwaarde 6 tot 15 dae na kansellasie of nie-hernuwing by die maatskappy aanmeld, met dien verstande dat

(i) sodanige gebeurtenis gedurende die versekeringstydperk plaasgevind het;

(ii) enige daaropvolgende eis wat aanvanklik skriftelik teen die versekerde ingestel word as gevolg van sodanige gebeurtenis, hanteer word asof dit aanvanklik ingestel is op die laaste dag voor kansellasie of nie-hernuwing, en onderworpe is aan die 48-maandetydperk wat in 2(a) hierbo gespesifiseer is.

3. 'n Reeks eise wat deur een of meer as een eiser gedurende die versekeringstydperk teen die versekerde ingestel word voortspruitend uit een gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron, word hanteer asof hulle almal aanvanklik teen die versekerde ingestel is
   (a) op die datum waarop die gebeurtenis deur die versekerde ingevolge Algemene voorwaarde 6 aangemeld is, of
   (b) indien die versekerde nie bewus was van 'n gebeurtenis wat tot 'n eis aanleiding kon gee nie, op die datum waarop die eerste eis van die reeks aanvanklik skriftelik teen die versekerde ingestel is.

## Uitbreidings

### Addisionele Versekerde

Die maatskappy sal ook, asof 'n afsonderlike polis aan elkeen uitgereik is,

1. in die geval van die versekerde se dood, 'n persoonlike verteenwoordiger van die versekerde ten opsigte van aanspreeklikheid wat deur die versekerde aangegaan is skadeloos stel;
2. 'n vennoot of direkteur of werknemer van die versekerde (indien die versekerde dit versoek) skadeloos stel teen 'n eis waarvoor die versekerde op skadeloosstelling ingevolge hierdie versekering geregtig is;
3. in soverre dit vereis word deur die voorwaardes van 'n kontrak (en nieteenstaande Spesifieke uitsondering 3), en in verband met aanspreeklikheid voortspruitend uit die uitvoering van die kontrak, 'n werkgewer skadeloos stel wat benoem is in 'n kontrak wat deur die versekerde vir die doel van die besigheid aangegaan is;

met dien verstande dat:

   (a) die maatskappy se totale aanspreeklikheid hoogstens die skadeloosstellingsperke beloop wat in die bylae vermeld word;
   (b) enige persoon of organisasie op wie hierdie uitbreiding van toepassing is nie geregtig is op skadeloosstelling ingevolge enige ander polis nie;
   (c) die skadeloosstelling ingevolge 1, 2 en 3 slegs geld ten opsigte van aanspreeklikheid waarvoor die versekerde op skadeloosstelling geregtig sou gewees het indien die eis teen die versekerde ingestel is.

Vir die doeleindes van hierdie uitbreiding doen die maatskappy afstand van alle subrogasieregte of reg tot aksie wat hy moontlik kan hê of verkry teen enige van bogenoemde, en elke party op wie die skadeloosstelling hiervolgens van toepassing is, moet die bepalings, uitsonderings en (algemene sowel as spesifieke) voorwaardes van hierdie versekering in soverre hulle kan geld, in ag neem, nakom en hulle daaraan onderwerp.

### Parkeerterreine

Nieteenstaande die bepalings van Spesifieke uitsondering 2 (a) (ii) sal die maatskappy die versekerde skadeloos stel ten opsigte van aanspreeklikheid soos hierin bepaal voortspruitend uit verlies van of skade aan voertuie en hul inhoud en bybehore, die eiendom van huurders, klante, besoekers of werknemers van die versekerde wat parkeergeriewe gebruik wat deur die versekerde verskaf word.

### Kruisaanspreeklikhede

Indien meer as een versekerde in die bylae vermeld word, stel die maatskappy elke versekerde afsonderlik, en nie gesamentlik nie, skadeloos en enige aanspreeklikheid wat tussen sodanige versekerdes ontstaan, word hanteer asof afsonderlike polisse aan elkeen uitgereik is, met dien verstande dat die totale aanspreeklikheid van die maatskappy hoogstens die skadeloosstellingsperk beloop wat in die bylae vermeld word.

### Nood mediese onkoste

Die maatskappy stel die versekerde skadeloos vir alle redelike uitgawes wat deur die versekerde aangegaan word vir onmiddellike mediese behandeling wat nodig kan wees ten tyde van 'n ongeval wat besering veroorsaak aan enige persoon wat ingevolge hierdie afdeling die onderwerp van 'n skadeloosstellingseis deur die versekerde kan wees.

### Werknemers en besoekers se eiendom

Spesifieke uitsondering 2 (a) (ii) geld nie vir eiendom wat behoort aan 'n vennoot, trustee, direkteur of werknemer van die versekerde of 'n besoeker aan die versekerde se perseel nie.

### Regsverdedigingskoste

Indien die versekerde dit versoek, sal die maatskappy 'n werknemer, vennoot, trustee of direkteur van die versekerde skadeloos stel teen koste en uitgawes van hoogstens R50 000 vir 'n enkele gebeurtenis en R100 000 binne 'n versekeringstydperk van een jaar en aangegaan deur en namens sodanige persoon, met die toestemming van die maatskappy, ter verdediging van strafregtelike aksie wat teen sodanige persoon ingestel word in die loop van sy werk by die Versekerde Lewe voortspruitend uit 'n beweerde oortreding gedurende die versekeringstydperk van die wette soos hierin omskryf,
met dien verstande dat

1. die maatskappy in die geval van 'n appèl nie sodanige persoon skadeloos stel nie, tensy 'n senior advokaat (wat deur die maatskappy goedgekeur moet word) adviseer dat sodanige appèl na sy oordeel behoort te slaag;
2. die maatskappy nie sodanige persoon ten opsigte van 'n boete of strafheffing wat deur 'n landdros of regter opgelê word of 'n voortspruitende verlies skadeloos stel nie;
3. sodanige persoon, asof hy verseker is, die bepalings, uitsonderings en voorwaardes van hierdie polis en hierdie onderafdeling daarvan in soverre hulle kan geld, in ag neem, nakom en hom daaraan onderwerp.

### Die wette

Die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid, No. 85 van 1993 (soos gewysig),
die Elektrisiteitswet, No. 41 van 1987 (soos gewysig), en/of
enige ander wet of ordonnansie met betrekking tot die voorsiening van elektrisiteit,
alles saamgelees met die Strafproseswet, No. 51 van 1977 (soos gewysig).

### Sekuriteitsfirmas

Nieteenstaande Spesifieke uitsondering 3, indien die versekerde ingevolge 'n kontrak met 'n sekuriteitsfirma wat aangestel is om die versekerde eiendom te beskerm regtens aanspreeklik word vir die handelinge of versuim van die werknemers van die sekuriteitsfirma in die loop van hul diens, sluit hierdie afdeling sodanige regsaanspreeklikheid in, in soverre skadeloosstelling ingevolge hierdie onderafdeling toegestaan sou gewees het indien die gemelde werknemers 'n dienskontrak met die versekerde en nie met die sekuriteitsfirma gehad het, maar slegs tot die aanspreeklikheidsperk wat in die bylae vermeld word.

Indien die sekuriteitsfirma op die tydstip van 'n gebeurtenis wat tot 'n eis aanleiding gee, geregtig is op skadeloosstelling ingevolge 'n ander polis ten opsigte van dieselfde gebeurtenis, is die maatskappy nie aanspreeklik om 'n betaling behalwe ten opsigte van 'n bedrag bo die bedrag betaalbaar ingevolge sodanige ander polis te doen nie.

### Onregmatige inhegtenisneming en laster

Die omskrewe gebeurtenisse word uitgebrei om skadevergoeding in te sluit

(1) voortspruitend uit onregmatige inhegtenisneming (insluitend aanranding in verband met sodanige onregmatige inhegtenisneming),
(2) ten opsigte van laster,

altyd met dien verstande dat die skadeloosstellingsperke soos gemeld hoogstens R50 000 ingevolge elk van (1) en (2) is en R100 000 in 'n enkele versekeringstydperk van een jaar.

# Afdeling 7

## Trusteeskadeloosstelling



### Omskrewe gebeurtenisse

Die maatskappy sal

1. die trustees skadeloos stel vir alle bedrae waarvoor hulle regtens aanspreeklik word om te betaal indien hulle nie deur die beheerliggaam skadeloos gestel word nie, of
2. die beheerliggaam skadeloos stel vir alle bedrae waarvoor hulle regtens aanspreeklik word om te betaal, ten opsigte waarvan hulle die trustees skadeloos stel soos toegelaat of vereis deur die Wet, regulasies en bestuursreëls,

wat voorgekom het op of na die terugwerkende datum soos in die bylae aangedui ten opsigte van 'n eis wat aanvanklik gedurende die versekeringstydperk skriftelik teen die trustees en/of beheerliggaam ingestel is.

Met dien verstande dat die maatskappy se skadeloosstellingsperk (koste en uitgawes ingesluit) nie die bedrag vermeld in die bylae vir 'n enkele gebeurtenis en in 'n enkele versekeringstydperk van een jaar sal oorskry nie.

### Omskrywings

### Eis

1. 'n Skriftelike of mondelinge bewering van 'n onregmatige daad wat aan die trustees en/of beheerliggaam bekend gemaak word, of
2. 'n siviele geding wat deur die betekening van 'n klagte, dagvaarding, eisverklaring of soortgelyke pleitstuk aangaande 'n beweerde onregmatige daad teen die trustees en/of beheerliggaam begin is, of
3. 'n strafregtelike geding wat begin is deur 'n dagvaarding of aanklag teen die trustees en/of beheerliggaam wat na bewering 'n onregmatige daad gepleeg het.

### Koste en uitgawes

Koste, heffings en uitgawes aangegaan deur die maatskappy, of met hul toestemming, in die ondersoek, verdediging, monitering of skikking van 'n eis.

### Verlies

Die bedrag betaalbaar ten opsigte van 'n eis wat ingestel word teen die trustee(s) en/of beheerliggaam vir 'n onregmatige daad, en wat skadevergoeding, vonnisse, skikkings, bevele vir die betaling van koste, en koste en uitgawes insluit.

### Onregmatige daad

'n Fout, wanvoorstelling, handeling of versuim, nalatigheid of nie-nakoming van pligte begaan, gedoen of gepleeg (of enige poging daartoe) of na bewering begaan, gedoen of gepleeg (of enige poging daartoe) deur die trustees of enige saak wat teen die trustees gemaak word uitsluitlik omrede die trustees as ampsdraers in die beheerliggaam dien.

Waar enige sodanige onregmatige daad tot meer as een eis aanleiding gee, sal al sodanige eise gesamentlik een verlies uitmaak en geag word in die vroegste polisjaar te ontstaan het waarin enige van sodanige onregmatige dade in die eerste plek by die maatskappy aangemeld is.

### Spesifieke Voorwaardes

Benewens die algemene voorwaardes

1. moet 'n trustee binne 21 dae na ontvangs van 'n eis teen die trustee aan die maatskappy skriftelike kennis van die eis gee;
2. moet die trustee en die beheerliggaam alle redelike bystand verleen en met die maatskappy saamwerk ter verdediging van 'n eis vir die trustee en die beheerliggaam se koste;

3. mag nóg die trustee nóg die beheerliggaam sonder die maatskappy se vooraf skriftelike toestemming aanspreeklikheid erken, 'n eis skik, enige verpligting aanvaar of verdedigingskoste aangaan;
4. het die maatskappy die reg om 'n eis teen die trustee in die trustee se naam te beding, verdedig of skik en sal die maatskappy volle diskresie hê in die hantering van regsaksies of die skikking van 'n eis;
5. indien die maatskappy ingevolge hierdie onderafdeling aanspreeklik is om slegs vir 'n deel van 'n verlies skadeloosstelling te verskaf omdat:
   (a) 'n eis sake wat deur hierdie onderafdeling gedek word asook sake wat nie daardeur gedek word nie insluit; of
   (b) 'n eis teen 'n trustee en ander persone (insluitend maar nie beperk tot die beheerliggaam nie) ingestel word,

   moet die trustee en die maatskappy hul bes doen om op 'n billike toewysing van verlies (insluitend met betrekking tot verdedigingskoste) ooreen te kom tussen verlies wat gedek word en verlies wat nie gedek word nie deur hierdie onderafdeling , met inagneming van:
      (i) die trustees se relatiewe regsblootstelling aan aanspreeklikheid ten opsigte van wat sake gedek word en sake wat nie gedek word nie deur hierdie onderafdeling; en
      (ii) die trustee en die ander persoon se relatiewe regsblootstelling aan aanspreeklikheid ten opsigte van die eis.

   Waar die trustee en die maatskappy nie op 'n billike toewysing van verlies kan ooreenkom nie, is die maatskappy geregtig om 'n senior advokaat (wat onderling ooreengekom moet word, of by gebreke daarvan deur die dienende president van die plaaslike Balievereniging of Raad of ekwivalente organisasie in die betrokke gebied aangewys moet word) te vra om 'n mening oor die billike toewysing van verlies te verskaf wat bindend is op die trustee en die maatskappy. Die koste om hierdie mening te verkry sal as deel van die verdedigingskoste deur die maatskappy betaal word.
6. 'n Eis wat aanvanklik skriftelik teen die versekerde ingestel word as gevolg van 'n omskrewe gebeurtenis wat ingevolge Algemene voorwaarde 6 aangemeld is (hierna aangemelde gebeurtenis genoem), word hanteer asof dit aanvanklik teen die versekerde ingestel is op dieselfde dag as die dag waarop die versekerde die gebeurtenis by die maatskappy aangemeld het.
7. In die geval van kansellasie of nie-hernuwing van die polis
   (a) word 'n eis voortspruitend uit 'n aangemelde gebeurtenis, wat aanvanklik teen die versekerde ingestel is gedurende die 48 maande onmiddellik na kansellasie of nie-hernuwing, hanteer asof dit teen die versekerde ingestel is op dieselfde dag as die dag waarop die versekerde die gebeurtenis aangemeld het; indien die eiser minderjarig is, sal die tydperk van 48 maande verleng word tot die verstryking van 12 maande nadat die eiser meerderjarig geword het;
   (b) kan die versekerde 'n gebeurtenis ingevolge Algemene voorwaarde 6 tot 15 dae na kansellasie of nie-hernuwing by die maatskappy aanmeld, met dien verstande dat
      (i) sodanige gebeurtenis gedurende die versekeringstydperk voorgekom het;
      (ii) enige daaropvolgende eis wat aanvanklik skriftelik teen die versekerde ingestel word as gevolg van sodanige gebeurtenis, hanteer word asof dit aanvanklik ingestel is op die laaste dag voor kansellasie of nie-hernuwing, en onderworpe is aan die 48-maandetydperk wat in 7(a) hierbo gespesifiseer is.
8. 'n Reeks eise wat gedurende die versekeringstydperk deur een of meer as een eiser teen die versekerde ingestel word voortspruitend uit een gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron, word hanteer asof hulle almal aanvanklik teen die versekerde ingestel is, op die datum waarop die gebeurtenis deur die versekerde ingevolge Algemene voorwaarde 6 aangemeld is, of indien die versekerde nie bewus was van 'n gebeurtenis wat tot 'n eis aanleiding kon gee nie, op die datum waarop die eerste eis van die reeks aanvanklik skriftelik teen die versekerde ingestel is.

### Spesifieke uitsonderings

Die maatskappy sal nie die trustees en/of beheerliggaam skadeloos stel nie ten opsigte van

1. aanspreeklikheid vir die betaling van BTW;
2. vergoeding waarvoor die beheerliggaam of trustee(s) regtens aanspreeklik is;

3. skadeloosstelling wat geëis word of geëis kan word ingevolge ander versekering, of andersins meer spesifiek deur ’n afdeling van hierdie polis verseker of uitgesluit word;
4. verlies of aanspreeklikheid voortspruitend uit omstandighede wat voor die aanvang van hierdie polis aan die trustees en/of beheerliggaam bekend was of wat ’n redelike persoon in die omstandighede behoort te geweet het dat dit omstandighede is wat tot ’n eis teen die versekerde aanleiding kan gee;
5. eise vir sterfte, liggaamlike besering, siekte of skade aan eiendom;
6. verlies of aanspreeklikheid voortspruitend uit ’n publisering of uiting van laster of ander lasterlike of minagtende materiaal;
7. ’n trustee(s) wat persoonlike wins of voordeel verkry of het waarop die trustee nie wettiglik geregtig was nie of waarvoor die trustee teenoor die beheerliggaam of ’n individuele lid daarvan aanspreeklik gehou kan word;
8. ’n trustee(s) wat ’n onregmatige daad/dade pleeg of versuim, met die wete dat sodanige optrede krimineel of onwettig, bedrieglik of oneerlik of kwaadwillig is;
9. boetes, strafvoltrekkings, straf-, bestraffende of wraaksugtige of verswaarde skadevergoeding of enige addisionele skadevergoeding voortspruitend uit die vermenigvuldiging van skadevergoeding;
10. gelde of gratifikasies wat aan ’n trustee(s) gegee word sonder goedkeuring deur die beheerliggaam, waar sodanige goedkeuring nodig is ooreenkomstig die bestuursreëls van die beheerliggaam of voorgeskrewe wet;
11. ’n konflik van ’n trustee(s) se pligte of belange;
12. enige opsetlike uitoefening van mag deur die trustee(s) met ’n ander doel as die doel waarvoor sodanige mag deur die bestuursreëls van die beheerliggaam verleen is;
13. enige onregmatige daad wat gepleeg of op enige wyse bekend gemaak word voor die aanvangsdatum van die versekering;
14. (a) skadevergoeding ten opsigte van uitsprake in die eerste instansie gelewer of verkry in ’n ander hof as ’n hof met bevoegde jurisdiksie binne die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho en Swaziland;
    (b) regskoste en -uitgawes wat deur ’n eiser van die trustee(s) en/of beheerliggaam verhaal word en wat nie aangegaan en verhaalbaar is in die gebied wat in 14(a) hierbo beskryf word nie;
15. eis of omstandighede waarvan die beheerliggaam, of enige trustee teen wie die eis ingestel word, bewus was of redelikerwys bewus behoort te gewees het, voor die versekeringstydperk;
16. wins of voordeel verkry deur ’n trustee waarop die betrokke trustee nie regtens aanspraak kon maak nie of waarvoor die trustee teenoor die beheerliggaam, eenheid-eienaar of enige ander persoon of entiteit aanspreeklik gehou kan word;
17 gelde of gratifikasies wat aan ’n trustee(s) gegee word sonder goedkeuring deur die beheerliggaam, waar sodanige goedkeuring nodig is ooreenkomstig die reëls, verordeninge of statute van die beheerliggaam of deur die wet vereis word;
18. enige waarborg;
19 ’n handel- of persoonlike skuld van ’n trustee of die beheerliggaam;
20. sterfte, liggaamlike besering of siekte van ’n persoon, of skade aan, of verlies van of verlies van gebruik van, tasbare eiendom;
21 nie-nakoming van ’n verpligting wat ’n trustee of die beheerliggaam teenoor ’n werknemer het;
22. die aangaan of instandhouding van versekering, of versuim om versekering aan te gaan en in stand te hou;
23. enige doelbewuste uitoefening van gesag waar dit vir ’n ander doel uitgeoefen word as die doel waarvoor die gesag toegeken is.

# Afdeling 8

## Werkgewersaanspreeklikheid



### Omskrewe gebeurtenisse

Skadevergoeding waarvoor die versekerde regtens aanspreeklik sal word om te betaal by die dood of liggaamlike besering of siekte van 'n persoon wat ingevolge 'n diens- of vakleerlingskapkontrak by die versekerde in diens is, wat in die loop van en in verband met sodanige persoon se werk by die versekerde binne die gebiedsgrense en op of na die terugwerkende datum soos aangedui in die bylae voorgekom het, en aanleiding gee tot 'n eis(e) wat aanvanklik skriftelik gedurende die versekeringstydperk teen die versekerde ingestel word.

### Skadeloosstellingsperk

Die bedrag betaalbaar, met inbegrip van enige regskoste verhaalbaar van die versekerde deur 'n eiser of enige getal eisers, en alle ander koste en uitgawes wat met die maatskappy se goedkeuring aangegaan word vir 'n enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron, is hoogstens die skadeloosstellingsperk wat in die bylae vermeld word.

### Gebiedsgrense

Enige plek in die wêreld maar nie in verband met die volgende nie:

1. enige besigheid wat deur die versekerde by of vanaf 'n perseel bedryf word buite, of
2. enige kontrak vir die verrigting van werk buite

die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe en Malawi.

### Spesifieke uitsonderings

Hierdie afdeling dek nie die volgende nie:

1. aanspreeklikheid wat ingevolge 'n kontrak, onderneming of ooreenkoms deur die versekerde aanvaar word, waar die versekerde in die afwesigheid van sodanige kontrak, onderneming of ooreenkoms nie aanspreeklik sou gewees het nie;
2. aanspreeklikheid vir siekte of inkorting toeskryfbaar aan 'n geleidelik werkende oorsaak wat nie uit 'n skielike en identifiseerbare ongeluk of gebeurtenis voortspruit nie;
3. boetes, strafvoltrekkings, straf-, bestraffende of wraaksugtige skadevergoeding;
4. (a) skadevergoeding ten opsigte van uitsprake in die eerste instansie gelewer of verkry in 'n ander hof as 'n hof met bevoegde jurisdiksie binne die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Botswana, Lesotho en Swaziland;
   (b) regskoste en -uitgawes wat deur 'n eiser van die versekerde verhaal word en wat nie aangegaan en q verhaalbaar is in die gebied wat in 4(a) hierbo beskryf word nie;
5. 'n eis wat voortspruit uit 'n gebeurtenis wat aan die versekerde bekend is
   (a) wat nie ingevolge Algemene voorwaarde 6 by die maatskappy aangemeld word nie;
   (b) voor die aanvang van hierdie onderafdeling;
6. 'n eis (in die geval van kansellasie of nie-hernuwing van hierdie afdeling) wat nie aanvanklik skriftelik teen die versekerde ingestel word binne die 48-maandetydperk nie (of verlengde tydperk ten opsigte van minderjariges) soos gespesifiseer in Spesifieke voorwaarde 2.

### Spesifieke voorwaardes

1. 'n Eis wat aanvanklik skriftelik teen die versekerde ingestel word as gevolg van 'n omskrewe gebeurtenis wat ingevolge Algemene voorwaarde 6 aangemeld is (hierna aangemelde gebeurtenis genoem), word hanteer asof dit aanvanklik teen die versekerde ingestel is op dieselfde dag as die dag waarop die versekerde die gebeurtenis by die maatskappy aangemeld het.
2. In die geval van kansellasie of nie-hernuwing van die polis
   (a) word 'n eis voortspruitend uit 'n aangemelde gebeurtenis, wat aanvanklik teen die versekerde ingestel is gedurende die 48 maande onmiddellik na kansellasie of nie-hernuwing, hanteer asof dit aanvanklik teen die versekerde ingestel is op dieselfde dag as die dag waarop die versekerde die gebeurtenis by die maatskappy aangemeld het; indien die eiser minderjarig is, sal die tydperk van 48 maande verleng word tot die verstryking van 12 maande nadat die eiser meerderjarig geword het;

(b) kan die versekerde 'n gebeurtenis ingevolge Algemene voorwaarde 6 tot 15 dae na kansellasie of nie-hernuwing by die maatskappy aanmeld, met dien verstande dat
   (i) sodanige gebeurtenis gedurende die versekeringstydperk voorgekom het;
   (ii) enige daaropvolgende eis wat aanvanklik skriftelik teen die versekerde ingestel word as gevolg van sodanige gebeurtenis, hanteer word asof dit aanvanklik ingestel is op die laaste dag voor kansellasie of nie-hernuwing, en onderworpe is aan die 48-maandetydperk wat in 2(a) hierbo gespesifiseer is.

3. 'n Reeks eise wat deur een of meer as een eiser gedurende die versekeringstydperk teen die versekerde ingestel word voortspruitend uit een gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron, word hanteer asof hulle almal aanvanklik teen die versekerde ingestel is
   (a) op die datum waarop die gebeurtenis deur die versekerde ingevolge Algemene voorwaarde 6 aangemeld is, of
   (b) indien die versekerde nie bewus was van 'n gebeurtenis wat tot 'n eis aanleiding kon gee nie, op die datum waarop die eerste eis van die reeks aanvanklik skriftelik teen die versekerde ingestel is.

## Uitbreidings

### Prinsipale

Waar 'n prinsipaal en die versekerde vir dieselfde skadevergoeding verantwoordelik is, en waar 'n kontrak of ooreenkoms tussen 'n prinsipaal en die versekerde dit vereis, sal die maatskappy, nieteenstaande voormelde Spesifieke uitsondering (1) hierbo, die prinsipaal op dieselfde manier as die versekerde skadeloos stel, maar slegs ten opsigte van die prinsipaal se aanspreeklikheid teenoor 'n werknemer soos genoem, vir dood of liggaamlike besering aan of siekte van sodanige persoon voortspruitend uit die nalatigheid van die versekerde of die versekerde se werknemers,

met dien verstande dat

1. in die geval van 'n eis ingevolge hierdie uitbreiding, die versekerde met die prinsipaal moet probeer reël dat die hantering en beheer van alle eise by die maatskappy berus;
2. die prinsipaal, asof hy verseker is, die bepalings, uitsonderings en (algemene sowel as spesifieke) voorwaardes van hierdie polis in soverre hulle kan geld, in ag neem, nakom en hom daaraan onderwerp;
3. die maatskappy se aanspreeklikheid nie hierdeur verhoog word nie.

### Dekking vir regskoste vir die oortreding van wette of dienspraktyke

Onderworpe aan die uitsluitings en voorwaardes hieronder, sal die maatskappy regskoste en uitbetalings dek waarvoor 'n trustee of werknemer van die beheerliggaam aanspreeklik kan word om te betaal of aangaan ter verdediging of vir appèl in verband met regsaksies wat aanvanklik gedurende die versekeringstydperk teen sodanige persoon begin is en gedurende die versekeringstydperk by die maatskappy aangemeld is

1. met betrekking tot 'n beweerde oortreding van beroepsgesondheid- en veiligheidswetgewing; of
2. voortspruitend uit 'n dispuut met 'n werknemer, voormalige werknemer of voornemende werknemer van die beheerliggaam oor dienspraktyke.

Die maksimum bedrag wat die maatskappy ingevolge hierdie uitbreiding sal betaal, is R100 000 in enige enkele versekeringstydperk van een jaar. Vir elke eis wat ingevolge hierdie uitbreiding ingestel word, moet die versekerde 'n bybetaling van R2 500 doen.

### Spesifieke voorwaardes van toepassing op dekking vir regskoste vir die oortreding van wette of dienspraktyke

Geen regskoste en uitbetalings wat deur hierdie uitbreiding gedek kan word, moet aangegaan word sonder om eers vooraf die maatskappy se skriftelike toestemming te verkry nie. Indien die maatskappy se vooraf skriftelike toestemming nie verkry word nie, kan die beheerliggaam se aanspraak op dekking ingevolge hierdie uitbreiding verbeur word.

Die maatskappy is nie verplig om regskoste of uitbetalings ingevolge hierdie uitbreiding te dek nie, tensy die maatskappy oortuig is dat die trustee of werknemer goeie vooruitsigte het om suksesvol die regsaksie te verdedig of te appelleer, en dat die regskoste of uitbetalings redelik sowel as nodig is.

Die maatskappy het die alleenreg om die regsverteenwoordiger te kies wat in die regsaksie namens die trustee of werknemer moet optree.

Spesifieke uitsluitings van toepassing op dekking vir regskoste vir die oortreding van wette of dienspraktyke

Benewens die algemene uitsluitings van die polis en die spesifieke uitsluitings van toepassing op hierdie onderafdeling, sal die maatskappy nie regskoste en uitbetalings dek nie wat aangegaan word of betaalbaar is in verband met 'n regsaksie:

1. waar die versekerde nie vooraf die maatskappy se skriftelike toestemming gevra en verkry het om sodanige regskoste en uitbetalings aan te gaan nie;
2. waar die versekerde voor die versekeringstydperk bewus was of redelikerwys behoort te gewees het van die feite, sake of omstandighede wat moontlik tot daardie regsaksie aanleiding kon gee;
3. waarin regshulp verlang word by wyse van 'n strafvoltrekking, boete, of verswaarde, straf- of bestraffende skadevergoeding;
4. waarin laster beweer word (behalwe met betrekking tot dienspraktyke);
5. waarin bedrog of oneerlikheid beweer word;
6. waarin 'n belangebotsing beweer word;
7. waarin versuim om versekering of toepaslike versekering te verkry beweer word;
8. wat vergoeding of 'n toekenning van skadevergoeding eis;
9. met betrekking tot enige saak waar versekeringsdekking ingevolge 'n ander afdeling van hierdie polis beskikbaar is, nieteenstaande die feit dat sodanige dekking nie aangegaan is nie.

### Memorandum

Slegs ten opsigte van hierdie afdeling word Algemene uitsluiting 1 geskrap en deur die volgende vervang:
"Hierdie afdeling dek nie dood, besering, siekte of aanspreeklikheid wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur, verband hou met, of voortspruit uit oorlog, inval, optrede van 'n buitelandse vyand, vyandelikhede (ongeag of oorlog verklaar is of nie), burgeroorlog, muitery, opstand, rebellie, revolusie, militêre mag of magstoe-eiening nie."

# Afdeling 9

## Sake Alle Risiko's

### Omskrewe gebeurtenisse

Verlies van of skade aan die hele of 'n deel van die eiendom beskryf in die bylae terwyl in, op of in die omgewing van die versekerde perseel, veroorsaak deur 'n ongeluk of teëspoed wat nie andersins uitgesluit is nie,



met dien verstande dat die versekerde verantwoordelik is vir die eerste bedrag betaalbaar soos vermeld in die bylae ten opsigte van elke gebeurtenis, behalwe 'n eis wat uit brand, weerlig of ontploffing voortspruit.

### Spesifieke uitsonderings

Die maatskappy is nie aanspreeklik vir verlies of skade voortspruitend uit of veroorsaak deur die volgende nie:

1. meganiese, elektroniese of elektriese onklaarraking, faling, brekasie of versteuring, tensy dit veroorsaak word deur 'n ongeluk of teëspoed wat nie andersins uitgesluit is nie;
2. slytasie, geleidelike agteruitgang, enige skoonmaak- of herstelproses of as gevolg van lig-, atmosferiese of klimaatstoestande, tensy dit veroorsaak word deur 'n ongeluk of teëspoed wat nie andersins uitgesluit is nie;
3. skrape, duike of afsplintering wat nie die werking van die item affekteer nie;
4. tydens die montering, aanpassing, herstel of demontering van 'n versekerde item.
5. Verlies van of skade aan eiendom voortspruitend uit of veroorsaak deur:
   (a) inherente gebrek of defek, goggas, insekte, vogtigheid, skimmel of roes;
   (b) die oneerlikheid van 'n prinsipaal, vennoot, direkteur, trustee of werknemer van die versekerde, ongeag of die persoon alleen optree of met ander saamspan;
   (c) diefstal uit 'n onbewaakte voertuig onder bewaring of beheer van die versekerde of 'n prinsipaal, vennoot, direkteur of werknemer van die versekerde, tensy die eiendom in 'n voertuig is wat behoorlik toegesluit en beveilig is of die voertuig self in 'n gebou gehuisves word wat veilig toegesluit is en toegang tot of verlating van sodanige geslote voertuig of gebou met kragdadige en gewelddadige optrede gepaardgaan;
   (d) 'n skoonmaak-, herstel-, kleur-, bleik-, verbouings- of herstelproses wat dit ondergaan;
   (e) aanhouding, konfiskering of rekwisisie deur doeane of ander beamptes of owerhede.

### Spesifieke voorwaardes

### Eweredigheid

Indien die totale waarde van versekerde eiendom wat nie afsonderlik en individueel gespesifiseer is nie, by die aanvang van 'n verlies van of skade aan sodanige eiendom meer werd is as die bedrag waarteen dit verseker is, word die versekerde sy eie versekeraar vir die verskil geag en dra hy dienooreenkomstig 'n eweredige deel van die bedrag van die verlies of skade. Elke item van die bylae wat sodanige eiendom dek, is afsonderlik aan hierdie voorwaarde onderworpe.

# Afdeling 10
## Geld



### Omskrewe gebeurtenisse
Verlies van of skade aan geld (soos omskryf) by die ligging, met dien verstande dat die maatskappy se aanspreeklikheid vir alle verlies of skade toeskryfbaar aan een bron of oorspronklike oorsaak nie die gemelde perke oorskry nie.

### Omskrywings
**Geld** beteken kontant, bank- en valutanote, tjeks, posorders, poswissels, geldige verhandelbare pos- en inkomsteseëls of ander middele van verhandelbare aard, al die eiendom van die versekerde en/of waarvoor die versekerde verantwoordelik is as eienaar van die eiendom, maar nie as 'n huurder nie.

**Houer** beteken enige brandkluis, brandkamer, brandtrommel, geldlaai, kasregister, geldkis of ander houer vir geld.

**Klerasie** beteken klere en persoonlike besittings wat nie andersins verseker is nie en aan die versekerde of aan 'n vennoot, direkteur of werknemer van die versekerde behoort.

### Ligging
Terwyl in of by die perseel wat in die bylae gespesifiseer is, of in transito daarheen of daarvandaan vir deponerings- of onttrekkingsdoeleindes.

### Uitbreidings

### Houers en klerasie
Benewens 'n betaling ten opsigte van 'n omskrewe gebeurtenis, sal die maatskappy die versekerde skadeloos stel ten opsigte van houers en klerasie (soos omskryf) wat verlore raak of beskadig word as gevolg van diefstal van geld of 'n poging daartoe, met dien verstande dat die maatskappy se aanspreeklikheid ingevolge hierdie uitbreiding ten opsigte van klerasie hoogstens R5 000 is, en ten opsigte van houers hoogstens die bedrag in die bylae vermeld of R5 000 is, wat ook al die grootste is.

### Slotte en sleutels
Benewens enige betaling ten opsigte van 'n omskrewe gebeurtenis, sal die maatskappy die versekerde skadeloos stel ten opsigte van die vervangingskoste van slotte en sleutels vir 'n houer ná die verdwyning van 'n sleutel vir sodanige houer of indien die versekerde rede het om te glo dat 'n ongemagtigde persoon in besit van duplikaat van sodanige sleutel kan wees,
met dien verstande dat
1. die maatskappy se aanspreeklikheid hoogstens R10 000 ten opsigte van 'n enkele gebeurtenis is;
2. die maatskappy nie vir die eerste R500 ten opsigte van elke gebeurtenis aanspreeklik is nie.

### Persoonlike ongevalle – Aanranding
Die begrip "omskrewe gebeurtenisse " in die Geld-afdeling word geag liggaamlike besering, veroorsaak op toevallige, gewelddadige, eksterne en sigbare wyse as gevolg van diefstal of enige poging daartoe, aan die versekerde of 'n trustee of werknemer van die versekerde (hierna in hierdie uitbreiding sodanige persoon genoem) terwyl sodanige persoon in die loop van sy diens by die versekerde optree.

Die maatskappy sal aan die versekerde, namens sodanige persoon of sy boedel, die bedrag betaal wat onder Gebeurtenisperke vermeld word in die geval van 'n liggaamlike besering aan sodanige persoon wat binne 12 kalendermaande lei tot

Gebeurtenisperke
1. Dood, of totale en permanente ongeskiktheid R10 000
2. Verlies of verlies van gebruik van een of meer ledemate by of bo die gewrig of enkel R10 000
3. Verlies of verlies van gebruik van een oog of albei oë R10 000

Beperkingsklousule
Die maatskappy se aanspreeklikheid ingevolge hierdie uitbreiding word beperk tot R10 000 per gebeurtenis.

Voorbehoudsbepalings
1. Hierdie uitbreiding is nie van toepassing op 'n persoon jonger as 15 of ouer as 70 jaar nie.
2. Nadat liggaamlike besering opgedoen is waarvoor 'n voordeel ingevolge hierdie uitbreiding betaalbaar kan wees, moet sodanige persoon mediese ondersoeke en behandeling wat gespesifiseer word, ondergaan. Die maatskappy is nie aanspreeklik om 'n betaling te doen nie, tensy hierdie voorbehoudsbepaling tot die maatskappy se bevrediging nagekom word.
3. Algemene voorwaardes 2 en 9 is nie op hierdie uitbreiding van toepassing nie.
4. Slegs ten opsigte van hierdie uitbreiding word Algemene uitsluiting 1 geskrap en deur die volgende vervang:

"Hierdie uitbreiding dek nie dood of liggaamlike besering wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur, verband hou met, of voortspruit uit oorlog, inval, optrede van 'n buitelandse vyand, vyandelikhede (ongeag of oorlog verklaar is of nie), burgeroorlog, muitery, opstand, rebellie, revolusie, militêre mag of magstoe-eiening nie."

## Spesifieke uitsonderings

Die maatskappy is nie aanspreeklik nie vir verlies van of skade aan geld
1. voortspruitend uit 'n tekort weens 'n fout of versuim;
2. voortspruitend uit oneerlikheid van 'n trustee, lid van die beheerliggaam of werknemer van die versekerde, wat nie binne 14 werkdae na die voorkoms daarvan ontdek word nie;
3. voortspruitend uit die gebruik van sleutels vir 'n brandkluis of -kamer, tensy die sleutels
   (a) verkry word deur geweld of dreiging met geweld;
   (b) deur die sleutelhouer of 'n ander persoon met die medewete van die sleutelhouer gebruik word en die versekerde tot bevrediging van die maatskappy kan bewys dat die sleutelhouer of sodanige ander persoon die sleutels gebruik het om die brandkluis of -kamer oop te sluit;
4. in 'n brandkluis of -kamer wat nie toegesluit is nie terwyl die deel van die perseel wat sodanige brandkluis of -kamer bevat onbewaak is, maar hierdie uitsondering geld nie indien tot bevrediging van die maatskappy bewys kan word dat die sleutelhouer vir die brandkluis of -kamer dit opsetlik oopgelos het met die bedoeling om toe te laat dat die geld gesteel word;
5. wat nie in 'n geslote brandkluis of -kamer gehou word nie terwyl die deel van die perseel wat sodanige geld bevat onbewaak is, maar hierdie uitsondering geld nie indien tot bevrediging van die maatskappy bewys kan word dat die persoon/persone wat vir die geld verantwoordelik is dit opsetlik buite die brandkluis of -kamer gelos het met die bedoeling om toe te laat dat die geld gesteel word;
6. in 'n voertuig wat deur die versekerde gebruik word, tensy 'n prinsipaal, vennoot, direkteur of werknemer van die versekerde werklik in sodanige voertuig is, of indien nie in sodanige voertuig nie, binne 5 meter daarvandaan of in 'n posisie van waar die voertuig duidelik sigbaar is. Hierdie uitsondering geld nie na 'n ongeluk waarin sodanige voertuig betrokke is en wat meebring dat gemelde persoon onkapabel is nie.

Spesifieke uitsonderings 3, 4, 5 en 6 geld nie tot 'n bedrag van R1,500 nie en sodanige verliese word nie met 'n eerste bedrag betaalbaar verminder nie.

## Spesifieke Waarborg

Hiermee word gewaarborg dat die vervoer van geld na en van die bank soos volg sal plaasvind:
1. tot R10 000 deur een verantwoordelike persoon;
2. tussen R10 001 en R30 000, deur twee verantwoordelike persone;
3. meer as R30 000, deur 'n goedgekeurde professionele sekuriteitmaatskappy.

Verder word gewaarborg dat die vervoer van geld tussen die versekerde se perseel en die bank ononderbroke sal wees. Dit is nie van toepassing waar geld deur 'n goedgekeurde professionele sekuriteitmaatskappy vervoer word nie.

## Spesiale voorwaardes van toepassing op tjeks

## Eerste bedrag betaalbaar van toepassing op diefstal van tjeks

'n Verlies of reeks verliese toeskryfbaar aan een oorspronklike gebeurtenis, wat ingevolge hierdie afdeling betaalbaar is en wat uit die diefstal van 'n tjek of tjeks voortspruit, word verminder met die eerste bedrag betaalbaar van 25 persent van die verlies wat deur hierdie afdeling skadeloos gestel kan word, tensy:
1. in die geval van tjeks wat deur die versekerde getrek is,

(a) die tjek getrek en gekruis is presies in ooreenstemming met ondergenoemde "Aanbevole SAIA-prosedure vir die trekking en kruising van tjeks" van die Suid-Afrikaanse Versekeringsvereniging (SAIA) of 'n ander beter metode wat deur SAIA goedgekeur is, en die gedrukte gedeelte van die tjek (teenoor die geskrewe of getikte gedeelte) gedruk is deur die bank self of 'n drukker wat deur die ACB (Outomatiese Klaringsburo) gelisensieer is om tjeks te druk; of
(b) die tjek per gesertifiseerde pos aan die begunstigde gestuur is, of per pos waar die sekuriteit gelykstaande met of beter as gesertifiseerde pos is;

2. in die geval van tjeks wat deur iemand anders as die versekerde getrek is en per pos deur die versekerde of direk deur die kassier ontvang is
(a) sodanige tjek onmiddellik by ontvangs daarvan deur die versekerde gekruis en "nie onderhandelbaar nie" gemerk is, en
(b) die versekerde die trekker en die bedrag van die tjek op die versekerde se rekords kan uitken;

3. in die geval van tjeks waarvan die versekerde die ware eienaar is en wat deur iemand anders as die versekerde getrek en aan die versekerde gepos is, maar nie ontvang is nie
(a) die tjek getrek en gekruis is presies in ooreenstemming met ondergenoemde "Aanbevole SAIA-prosedure vir die trekking en kruising van tjeks" of 'n ander beter metode wat deur SAIA goedgekeur is; of
(b) die tjek per gesertifiseerde pos aan die begunstigde gestuur is, of per pos waar die sekuriteit gelykstaande met of beter as gesertifiseerde pos is; of
(c) die faktuur van die versekerde (waarop die betaling per tjek betrekking het) 'n boodskap bevat (deur die maatskappy of SAIA goedgekeur) wat aanbeveel of vereis dat die tjek in ooreenstemming met ondergenoemde "Aanbevole SAIA-prosedure vir die trekking en kruising van tjeks" getrek word.

## Aanbevole SAIA-prosedure vir die trekking en kruising van tjeks en druk van blanko tjeks

### 1. Trekking en kruising van tjeks

Een van die veiligste metodes om 'n tjek te trek en te kruis en wat vir banke aanvaarbaar is word hieronder uiteengesit.

Hierdie metode word deur SAIA aanbeveel:

(a) Skrap die voorafgedrukte woorde "of toonder". Dit beperk die moontlikheid dat die betrokkenebank aan 'n toonder uitbetaal wat miskien nie op betaling geregtig is nie.
(b) Indien die woorde "of order" in plaas van "of toonder" op u tjek gedruk is, moet hierdie woorde ook geskrap word.
(c) Skryf die woorde "nie oordraagbaar nie" op die voorkant van die tjek
(d) Kruis die tjek deur twee parallellyne deur die tjek te trek.
(e) Skryf die woorde "nie verhandelbaar nie" tussen die twee parallellyne waarna in (d) hierbo verwys word.
(f) Maak seker dat die begunstigde noukeurig, behoorlik en volledig beskryf is.

Byvoorbeeld, wanneer die begunstigde 'n maatskappy is, moet die volle naam gebruik word, soos: RH Jones (Edms) Bpk – nie net RH Jones nie. Waar die bankrekeningnommer of BK-nommer van die begunstigde bekend is, moet dit na die naam van die begunstigde ingevoeg word, soos: "RH Jones (Edms) Bpk., Mpy.nr.: 69/123456" of "RH Jones (Edms) Bpk ABC-bankrekeningnommer: 123456789".

Hoewel dit sterk aanbeveel word, is dit nie verpligtend om die bankrekeningnommer van die begunstigde te gebruik nie.

(g) Met trekking van die tjek moet geen spasies gelaat word wat iemand in staat sal stel om ekstra woorde of syfers by te voeg nie.

(h) 'n Voorbeeld van hierdie metode om 'n tjek te trek word as Aanhangsel A aangeheg.
(i) Die bewoording wat in Aanhangsel B (laaste bladsy van hierdie afdeling) uiteengesit is, moet op die voorkant van die tjek gedruk word. Maak seker dat spasie op die agterkant van die tjek gelaat word vir bankstempels en endossemente.

(j) Al die merke op die tjek moet leesbaar en duidelik sigbaar wees. Persone wat tjeks trek, moenie afkortings of ander weergawes gebruik van die terminologie wat in die voorbeeld gebruik is nie. Die

woorde "nie verh.baar" en kruising met 'n stempel met 'n reghoek in plaas van twee parallellyne is nutteloos.


(k) Die metode waarvolgens tjeks voltooi word, moet 'n inkafdruk op die papier laat, soos handskrif, 'n tikmasjien of 'n matriksdrukker. Die lint wat in die drukker/tikmasjien gebruik word, moet van die tipe wees wat ink op die papier afdruk. Moenie die volgende gebruik nie:
   (i) ou linte
   (ii) laserdrukkers wat nie 'n afdruk op die papier laat nie
   (iii) die "omgekeerde druktegniek"
   (iv) wysigbare tiklinte.

## 2. Druk van blanko tjeks

Blanko tjeks moet slegs gedruk word deur die bank self of 'n drukker wat deur die Outomatiese Klaringsburo gelisensieer is. Hierdie drukkers is vertroud met die aanbevole vereistes van banke en moet slegs gebruik maak van goedgekeurde:

(a) sekuriteitpapier (CBS1 of beter)
(b) sekuriteitontwerpe
(c) spesiale sekuriteitsink verenigbaar met die sekuriteitspapier/-ontwerp
(d) metodes wat dit moeilik maak vir enigiemand om 'n voorraad blanko tjeks te maak deur die oorspronklikes te fotokopieer.

## (Annexure)
## AANHANGSEL A – VOORGESTELDE TJEK (SAIA)



# Afdeling 11

## Getrouheid



### Omskrewe gebeurtenisse

1. Verlies van geld en/of ander eiendom wat aan die versekerde behoort of waarvoor hy verantwoordelik is en wat deur 'n versekerde werknemer gedurende die geldigheidsduur van hierdie afdeling gesteel word.
2. Regstreekse finansiële verlies wat die versekerde ly weens bedrog of oneerlikheid van 'n versekerde werknemer wat alles gedurende die geldigheidsduur van hierdie afdeling plaasvind en wat lei tot oneerlike persoonlike finansiële voordeel vir die betrokke werknemer, met dien verstande dat
   (a) die maatskappy nie aanspreeklik is nie vir alle verliese wat langer as 24 maande voor ontdekking plaasgevind het;
   (b) alle verliese ontdek word nie langer as twaalf maande nie na die beëindiging van
      (i) hierdie afdeling, of
      (ii) hierdie afdeling ten opsigte van 'n versekerde werknemer betrokke by 'n verlies, of
      (iii) die diens van die versekerde werknemer of die laaste van die versekerde werknemers betrokke by 'n verlies, wat ook al eerste plaasvind;
   (c) die maatskappy se aanspreeklikheid vir alle verliese hoogstens die versekerde bedrag vermeld in die bylae beloop, hetsy dit 'n enkele werknemer is of 'n aantal werknemers wat saamspan of onafhanklik van mekaar optree.
3. Hernuwing van hierdie versekering van tydperk tot tydperk of 'n verlenging van 'n versekeringstydperk het nie die uitwerking dat dit die maatskappy se aanspreeklikheid laat oploop of verhoog bó die versekerde bedrag vermeld in die bylae nie. Indien die versekeringstydperk korter as 12 maande is, word die maatskappy se aanspreeklikheid beperk tot die bedrag in die bylae vermeld gedurende enige versekeringstydperk van 12 maande bereken vanaf aanvang of hernuwing.
4. Die uitdrukking "oneerlike persoonlike finansiële voordeel" sluit nie voordeel vir 'n werknemer in die vorm van salaris, salarisverhogings, fooie, kommissies, bonusse, bevorderings of ander vergoeding in nie.

### Omskrywing

### Werknemer beteken:

1. enige persoon wat ingevolge 'n diens- of vakleerlingskapkontrak by die versekerde in diens is;
2. enige persoon wat van 'n ander party aan die diens van die versekerde gehuur of geleen word;

ten opsigte van wie die versekerde die reg het om te alle tye daardie persoon te beheer, te bestuur en opdragte te gee in die uitvoering van sy/haar werk, in die gang van die versekerde se besigheid.

### Spesifieke uitsonderings

1. Die maatskappy is nie aanspreeklik nie vir:
   (a) verlies voortspruitend uit of waartoe bygedra word deur
      (i) die bedrog of oneerlikheid van 'n trustee of werknemer vanaf die tydstip waarop die versekerde daarvan bewus word dat sodanige trustee of werknemer bedrog gepleeg het of oneerlik was;
      (ii) 'n vennoot van die versekerde tot die mate waartoe sodanige vennoot baat sou vind by skadeloosstelling wat ingevolge hierdie polis verleen word;
      (iii) 'n prinsipaal, direkteur of lid van die versekerde tensy sodanige prinsipaal, direkteur of lid ook 'n werknemer is;
   (b) gevolglike verliese van enige aard na verliese waarna in Omskrewe gebeurtenisse verwys word;
2. Die maatskappy is nie aanspreeklik nie vir:
   (a) verlies tensy die versekerde voorheen sy regte ingevolge 'n ander getrouheidsooreenkoms of -fonds uitgeput het, hetsy van 'n statutêre aard of nie;

(b) in verband met 'n verdere Gebeurtenis wat deur dieselfde persoon of persone gepleeg is na die aanvanklike ontdekking van verlies;
(c) verlies voortspruitend uit 'n Gebeurtenis wat voor die versekeringstydperk gepleeg is; of
(d) gevolglike verlies van enige aard.

3. Hierdie afdeling dek nie 'n maatskappy of ander regsentiteit wat gedurende die versekeringstydperk verkry word nie.
4. Die maatskappy is nie aanspreeklik nie vir enige verlies wat regstreeks of onregstreeks voortspruit uit of verband hou met:
   (a) die gedrag van 'n persoon indien die versekerde vooraf kennis gehad het van 'n vorige daad van bedrog of oneerlikheid wat deur daardie persoon gepleeg is;
   (b) verlies of deel van 'n verlies waar bewys van die bestaan daarvan of bedrag afhang van 'n vergelyking van voorraadrekords met 'n fisiese telling of 'n wins-en-verlies-berekening, behalwe dat hierdie uitsluiting nie sal geld nie in soverre die versekerde die omvang van die verlies deur ander bewyse wat nie met vergelyking of berekening verband hou nie kan bewys; of
   (c) verlies voortspruitend uit versuim om 'n betaling te doen of wanbetaling ingevolge 'n lening of ander kredietransaksie.

### Spesifieke voorwaardes

1. Die versekerde moet al sodanige kontrole- en beheerstelsels, rekening- en klerikale prosedures en metodes vir die bedryf van sy besigheid instel en/of in stand hou en voortgaan om dit toe te pas soos wat aan die maatskappy voorgehou is, maar die versekerde mag
   (a) die vergoeding en diensvoorwaardes van enige werknemer verander;
   (b) sodanige ander veranderings aanbring wat vooraf skriftelik deur die versekerde se ouditeure goedgekeur is.
2. Indien die versekerde 'n verlies ly waarop hierdie afdeling van toepassing is wat die bedrag betaalbaar ingevolge hiervan oorskry ten opsigte van sodanige verlies, is die versekerde geregtig op alle verhalings (behalwe uit borgstelling, versekering, herversekering, sekuriteit of skadeloosstelling geneem of aangegaan deur die maatskappy of vir die bedrag van 'n eerste bedrag betaalbaar) deur wie ook al gedoen as gevolg van sodanige verlies totdat dit ten volle vergoed is, min die werklike koste om dit aan te gaan, en enige oorblywende deel word aangewend tot vergoeding van die maatskappy en die versekerde tot die mate van sy medeversekering ingevolge item 2 van die klousule Verpligte eerste bedrag betaalbaar.

### Klousules en uitbreidings

### Klousule: Rekenmeesters

Enige besonderhede of gegewens wat in die versekerde se rekeningboeke of ander besigheidsboeke of -dokumente vervat word wat die maatskappy ingevolge hierdie afdeling kan verlang om 'n eis hiervolgens te ondersoek of te staaf, mag deur die versekerde se ouditeure of professionele rekenmeesters gelewer en gesertifiseer word en hulle sertifikaat is prima facie-bewys van die gegewens en besonderhede waarop dit betrekking het

### Uitgebreide dekking vir voormalige werknemers

Enige persoon wat nie meer 'n werknemer is nie, word vir die doeleindes van hierdie afdeling beskou as synde 'n werknemer te wees vir 'n tydperk van 30 dae nadat hy opgehou het om 'n werknemer te wees.

### Verpligte eerste bedrag betaalbaar

Die bedrag betaalbaar ingevolge hierdie afdeling ten opsigte van 'n omskrewe gebeurtenis waarby een werknemer of enige getal werknemers wat saamspan betrokke is, word verminder met

1. twee persent van die totaal van die versekerde bedrag ingevolge hierdie afdeling en die verklaarde versekering of R60 000, wat ook al die minste is, plus
2. 'n verdere bedrag van 10 persent van die netto bedrag betaalbaar na aftrekking van die bedrag wat in 1 hierbo gespesifiseer word.

Beide bedrae word ten volle deur die versekerde gedra en bly onverseker.

**Memoranda**

1. In die geval van die ontdekking van 'n verlies wat uit 'n omskrewe gebeurtenis voortspruit, mag die versekerde, nieteenstaande enigiets andersluidend wat in paragraaf (ii) van Algemene voorwaarde 6 vervat is, nalaat om die aangeleentheid by die polisie aan te meld, maar moet dit onmiddellik doen indien die maatskappy dit verlang.
2. Verswyging van sy eie bedrog of oneerlikheid of dié van ander persone met wie hy saamspan, deur die persoon wat 'n aansoekvorm onderteken of 'n hernuwings- of ander instruksie gee, benadeel nie 'n eis ingevolge hierdie afdeling nie.
3. Algemene uitsonderings 1 en 2 en Algemene voorwaarde 9 is nie op hierdie afdeling van toepassing nie.
4. Indien die versekerde bedrag op enige tydstip verhoog word, is sodanige verhoogde bedrag slegs van toepassing op omskrewe gebeurtenisse wat na die datum van sodanige verhoging gepleeg word.

# Afdeling 12
## Masjinerie onklaarraking



### Omskrewe gebeurtenisse
Skielike en onvoorsiene fisiese skade aan die masjinerie van swembaddens, saunas, spabaddens, borrelbaddens, outomatiese hekke, motorhuisdeure, roltrappe en hysbakke, boorgatpompe, lugversorgingsinstallasies, hystoestelle, transformators en elektriese skakelaars, wat alles slegs vir huishoudelike doeleindes gebruik word, geïnstalleer op die perseel,

1. terwyl dit in werking of stilstaande is,
2. erwyl dit gedemonteer word met die doel om skoongemaak, geïnspekteer en opgeknap of verskuif te word na 'n ander posisie of in die loop van hierdie bedrywighede self of heropriging daarna,

met dien verstande dat die maatskappy nie verantwoordelik sal wees vir die koste van enige wysiging of opknapping wat tydens 'n herstel of herstelling uitgevoer word nie.

### Skadeloosstellingsgrondslag

**1. Gedeeltelike verlies**

Indien die versekerde masjinerie skade opdoen, is die skadeloosstellingsgrondslag die koste en uitgawes wat redelikerwys en noodsaaklikerwys aangegaan word om die beskadigde masjinerie tot sy werkende toestand onmiddellik voor die skade gebeur het te herstel, met inbegrip van die koste van toegangverkryging, demontering, heroprigting asook normale vraggeld en doeaneregte, met dien verstande dat

(a) die waarde van dele wat op enige wyse hoegenaamd elders gebruik kan word, afgetrek sal word;

(b) die koste van enige wysiging, toevoeging, verbetering of opknapping wat op dieselfde tyd as die herstel of vervanging uitgevoer word, nie ingevolge hierdie polis verhaalbaar is nie;

(c) indien tydelike herstelwerk sonder die toestemming van die maatskappy deur die versekerde uitgevoer word ter wille van veiligheid of om verdere verlies of skade aan die versekerde eiendom te beperk, die koste van sodanige tydelike herstelwerk deur die maatskappy gedra sal word. Indien die tydelike herstelwerk die verlies vererger of addisionele verlies of skade aan die versekerde eiendom veroorsaak, moet addisionele koste wat hiervoor aangegaan is of gevolge voortspruitend daaruit deur die versekerde gedra word;

(d) waar die skade beperk is tot 'n deel of dele van 'n versekerde item, die maatskappy nie aanspreeklik is vir 'n bedrag groter as die waarde van sodanige deel of dele wat verloor of beskadig is waarvoor binne die versekerde bedrag voorsiening gemaak word nie.

**2. Totale Verlies**

Indien die versekerde installasie of masjinerie totaal vernietig word, is die bedrag betaalbaar die koste om die beskadigde masjinerie te verwyder, minus die waarde van wat oorbly, plus

(a) die koste van vervanging of herstel van masjinerie van dieselfde grootte, werkverrigting of kapasiteit maar nie beter of groter as die versekerde item nie, in soverre dit prakties uitvoerbaar is, op dieselfde plek; of

(b) (i) die plaaslike markwaarde van die masjinerie onmiddellik voor die verlies, welke waarde die waarde van soortgelyke masjinerie van dieselfde ouderdom, grootte, werkverrigting of kapasiteit is;

(ii) waar soortgelyke masjinerie nie beskikbaar is nie, die bedrag betaalbaar die geïnstalleerde nuwe vervangingswaarde van die naaste hoër ekwivalente masjinerie is, gedepresieer met 5% per jaar;

wat ook al die laagste is van (a) of (b) (maar altyd 'n minimum reswaarde van 25% van die nuwe vervangingswaarde van (b) (i) of (ii), wat ook al van toepassing is, proporsioneel verminder indien die eweredigheidsvoorwaarde geld.

In alle gevalle waar versekerde bedrae enigiets anders as nuwe vervangingswaarde aandui, word 'n verwysing na betaling ter vereffening van 'n minimum %-waarde van die geïnstalleerde nuwe

vervangingswaarde geskrap.
Die versekerde item word as totaal vernietig beskou indien die herstelkoste (soos omskryf in (i) Gedeeltelike verlies) gelyk aan of meer is as die waardes soos omskryf in 2(b) (i) of (ii) (wat ook al van toepassing is) onmiddellik voor die verlies. Geen depresiasie sal toegepas word op masjinerie wat minder as 3 jaar oud is nie.

## Memoranda

### 1. Uitbreiding: Transito en tydelike perseel

Die polis word uitgebrei om dekking te verskaf vir versekerde eiendom in transito na, vanaf en by (insluitend laai/aflaai) 'n tydelike perseel vir hersteldoeleindes. As gevolg van hierdie uitbreiding sal uitsluiting 2 nie geld nie, met die voorbehoudsbepaling dat hierdie uitbreiding slegs van toepassing is op 'n tekort in skadeloosstelling wat elders verskaf word.

### 2. Markwaarde

Markwaarde word bereken op die grondslag dat vir elke gebruiksjaar (of deel daarvan) die huidige nuwe vervangingswaarde van 'n identiese masjien of installasie proporsioneel verminder word oor 'n tydperk van 15 jaar, altyd onderworpe aan 'n minimum reswaarde-skadeloosstelling van 25% indien die eweredigheidsvoorwaarde nie geld nie.

### 3. Skadeloosstellingsperk

Die maatskappy se aanspreeklikheid om die versekerde ingevolge hierdie onderafdeling skadeloos te stel is hoogstens die Skadeloosstellingsperk van toepassing soos vermeld in die bylae vir 'n enkele verlies of reeks verliese voortspruitend uit 'n enkele gebeurtenis.

## Spesifieke uitsonderings

Die maatskappy is nie aanspreeklik nie vir:

1. skade aan die masjinerie weens enige oorsaak wat andersins ingevolge die polis verseker is of latere demontering of heroprigting;
2. ongeag die onmiddellike oorsaak van die skade, geld die skadeloosstelling wat deur hierdie polis toegestaan word nie vir, en sluit dit nie skade in nie wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak is deur of voortspruit uit
   - (a) brandblussing van 'n brand, ontploffing, regstreekse/onregstreekse weerligslae;
   - (b) natuurkragte soos insakking, grondstorting, rotsstorting, storm, vloedoorstroming, hael, sneeu, aardbewing of aardtrilling (hetsy as gevolg van mynbedrywighede of nie) of vulkaanuitbarsting;
   - (c) diefstal, ineenstorting van geboue, botsing deur diere of voertuie, lugvaartuie of ander lug- of ruimtetoestelle of voorwerpe wat daaruit laat val word, soniese skokgolwe;
   - (d) water of water wat uitloop uit 'n houer wat water bevat, lekkasie of ontlading van 'n sprinkelblusser of ander blustoestel;
   - (e) foute of defekte in die versekerde eiendom wat ten tyde van die reël van hierdie versekering of gedurende die geldigheidsduur van die versekering aan die versekerde of sy verantwoordelike werknemers bekend was en wat nie aan die maatskappy openbaar gemaak is nie, of enige gevolge daarvan;
3. herstel of vervanging weens slytasie of geleidelike agteruitgang, korrosie, erosie, neerslag, modder- of ander afsaksel of enige ander regstreekse gevolg van progressiewe of deurlopende invloed van werkende of atmosferiese chemiese aksie, roes of skrape op geverfde of gepoleerde oppervlakke;
4. skade weens eksperimente, oorladings of toetse ;
5. skade wat voorkom tydens die geldigheidsduur van 'n vervaardiger se waarborg, tensy 'n eis aanvanklik teen die waarborggewer ingestel word;
6. foute, defekte, defektiewe isolasie en krake of gedeeltelike frakture in enige deel wat geleidelik ontstaan en nie onmiddellike stilstand veroorsaak en herstel of vervanging noodsaak nie, hoewel herstel of vernuwing van die geaffekteerde dele êrens in die toekoms nodig kan wees;
7. vernuwing of vervanging van smeltdrade, versamel- of oorladingsbeskermingstoestelle of elektriese kontakpunte waar vonking of oorvonking tydens gewone werking voorkom;
8. beveiliging of herpas of vernuwing van sleutelstukke;
9. erosie of korrosie van kleppe en beddings;

10. die vernuwing van 'n transformator of skakeltuig-olie, tensy dit deur onklaarraking veroorsaak is;
11. ontploffing (wat nie die bars of ontwrigting van 'n turbinekompressor-enjin of hidrouliese silindervliegwiele of ander onderdele insluit nie, onderworpe aan sentrifugale krag-transformators of oliebedekte skakeltuig);
12 skade aan of vervanging van fondamente, baksteen- en messelwerk en/of staalstrukture wat deel van 'n vervoerbandstelsel uitmaak;
13. skade aan of vervanging van elektriese verhittingselemente, smeltdrade, gloeilampe, buise, kleppe, elektroniese komponente of stroombaanwerke;
14. skade aan of vervanging van snygereedskap, bore, saaglemme, slypwiele of skywe, snyblokke, gietvorms, buigsame pypwerk, buigsame drywers of vervangbare onderdele;
15. skade of verlies veroorsaak deur die werking van 'n masjien in 'n wesenlik defektiewe toestand en/of verlies of skade en/of aanspreeklikheid veroorsaak deur die versekerde se opsetlike nalatigheid;
16. gevolglike verlies van enige aard hoegenaamd.

**Spesifieke voorwaardes**

1. Die versekerde moet redelike voorsorgmaatreëls tref om te verseker dat die masjinerie in 'n goeie werkende toestand gehou word en nie uit gewoonte of opsetlik oorlaai word nie en dat staats- en ander regulasies aangaande die werking van die masjinerie nagekom word.
2. Die versekerde moet 'n omvattende instandhoudingsooreenkoms aangaan vir die diens en herstel van hysbakmasjinerie binne die versekerde se gebou.

# Afdeling 13

## Glas



### Omskrewe gebeurtenisse

Verlies van of skade aan interne en eksterne glas (insluitend spieëls), letterskilderwerk en die behandeling daarvan op die versekerde persele, soos in die bylae vermeld, wat die eiendom van die versekerde is of waarvoor hy verantwoordelik is.

Ná verlies van of skade aan glas stel die versekeraar die versekerde ook teen die volgende skadeloos:

1. die koste van die aanbring van sodanige skuttings wat redelikerwys nodig kan wees;
2. skade aan rame, diefalarmstroke, -drade of -vibrators as regstreekse gevolg van sodanige verlies of skade;
3. die koste van die verwydering en herinstallering van los en vaste toebehore wat nodig is om die glas te vervang;
4. die koste om wagdiens aan te stel voor die vervanging van die glas of die aanbring van skuttings of die herstel van die diefalarmstelsel, tensy dit ingevolge enige ander versekering wat deur die versekerde of 'n huurder gereël is, betaalbaar is, met dien verstande dat die aanspreeklikheid van die maatskappy hoogstens die volgende beloop:
   (a) vir die vervanging van die glas, letterskilderwerk en behandeling – die versekerde bedrag wat in die bylae vermeld word per perseel ten opsigte van 'n enkele gebeurtenis;
   (b) vir alle ander koste en uitgawes waarvoor hierdie afdeling voorsiening maak en wat voortspruit uit een gebeurtenis of reeks gebeurtenisse wat aan een bron of oorspronklike oorsaak toeskryfbaar is – in totaal die bedrag van R2 000.

### Spesifieke voorwaarde

### Eweredigheid

Indien die versekerde eiendom by die aanvang van skade aan sodanige eiendom deur 'n gevaar waarteen dit verseker is, gesamentlik van groter waarde is as die bedrag waarteen dit verseker is, word die versekerde sy eie versekeraar vir die verskil geag en dra hy dienooreenkomstig eweredige deel van die verlies of skade. Elke item, indien daar meer as een is, is afsonderlik aan hierdie voorwaarde onderworpe.

### Omskrywing van glas

Tensy spesifiek ooreengekom, word aanvaar dat alle glas (behalwe spieëls) wat deur hierdie afdeling verseker is, vensterglas is wat nie dikker as 6 mm is nie, hetsy bedek deur filmlaag of nie, of gelamineerde veiligheidsglas wat nie dikker as 6,5 mm is nie.

### Spesifieke uitsondering

Die maatskappy is nie aanspreeklik nie vir:

1. verlies of skade wat verseker word, of in die afwesigheid van hierdie afdeling verseker sou word, deur glasversekering indien 'n voorwaarde van die huurooreenkoms is dat die huurder vir toevallige skade aan glas verantwoordelik is;
2. glas wat deel uitmaak van handelsvoorraad;
3. glas wat by die aanvang van hierdie versekering gebars of gebreek is;
4. skending of skade behalwe bars dwarsdeur die dikte van die glas of enige laminering daarvan.

# Notes

Zurich Insurance Company South Africa Limited
15 Marshall Street, Ferreirasdorp,
Johannesburg, 2001 PO Box 61489,
Marshalltown, 2107
T: +27 11 370 9111
www.zurich.co.za
Registration No. 1965/006764/06
Authorised Financial Services Provider No. 17703


15